Die Korrelasie tussen Sportdeelname

en Skolastiese Prestasie

Mnr P J Swart

INHOUD

Hoofstuk 1
Skolastiese uitkomste

1.	Inleiding	6
1.2	Rationaal vir die studie	12
1.2.1.	Probleemstelling en doel	13
1.2.2.	Die skool as opvoedkundige instelling	13
1.2.3.	Opvoedkundige uitkomste	16
1.2.3.1	Akademie	16
1.2.3.2	Kultuur	16
1.2.3.3	Leierskap	16
1.2.3.4	Sport	17
1.2.3.5	Sosialisering	17
1.2.4	Waarom hierdie navorsing	17

Hoofstuk 2
Motivering en die leerder as verhoudingswese

2.1	Inleiding	19
2.2	Motivering en prestasie	19
2.3	Motiveringsteorieë	22
2.3.1	John Locke (1632-1704)	22
2.3.2	Jean-Jaques Rousseau (1712-1778)	22
2.3.3	Sigmund Freud (1856-1939)	23
2.3.4	Maslow	24
2.3.4.1	Fisiologiese behoeftes	25
2.3.4.2	Behoefte van veiligheid en gebondenheid	25
2.3.4.3	Behoefte van affiliasie	25
2.3.4.4	Behoefte aan selfagting	25
2.3.4.5	Behoefte aan selfaktualisering	26

2.3.5	Ekologiese-stelsel-teorie as ‘n moderne teorie oor motivering	26
2.3.5.1	Mikrostelsel	27
2.3.5.2	Mesostelsel	28
2.3.5.3	Eksostelsel	28
2.3.5.4	Makrostelsel	28
2.3.5.5	Dinamiese verandering stelsel	29
2.4	Die kind as verhoudingskepper	29
2.4.1	Die gesin	30
2.4.1.1	Samestelling van die gesin	33
2.4.2	Ti pe gesinsverhouding	34
2.4.2.1	Die patriargale gesin	34
2.4.2.2	Die verdedigend-outoritêre gesin	35
2.4.2.3	Die aggressief-outoritêre gesin	35
2.4.2.4	Die toegeeflike gesin of skyn gesin	35
2.4.2.5	Die demokratiese gesin	36
2.4.3	Enkele ander gesins faktore	36
2.5	Samelewing en kultuur	37
2.6	Portuurgroep	39
2.7	Die skool	40
2.8	Sport	42
2.9	Media	43
2.10	Verhoudingsversteurings	43
2.10.1	Fisiologiese behoeftes	43
2.10.2	Affiliasie behoeftes	44
2.11	Motiverings steurings	44
2.11.1	Verwaarlosing	44
2.11.2	Verwenning	44
2.11.3	Verharding	45
2.11.4	Oorbeskerming	45
2.11.5	Samevatting	45

Hoofstuk 3
Navorsingsontwerp

3.1	Inleiding	46
3.2	Die doel van die ondersoek	46
3.3	Navorsingsontwerp	46
3.3.1.	Inleiding	46
3.3.2.	Die populasie	48
3.3.3.	Die steekproef	48
3.3.3.1	Metode van steekproefneming	49
3.3.3.2	Hoeveelheid vraelyste	49
3.3.4.	Die vraelys	49
3.3.4.1	Inleiding	49
3.3.4.2	Motivering om vraelyste te gebruik	50
3.3.4.3	Toestemming van skool en werkswyse ten opsigte van datainsameling	51
3.3.4.4	Finale insameling van data	53
3.3.5.	Betroubaarheid en geldigheid	53
3.3.5.1	Betroubaarheid	53
3.3.5.2	Geldigheid	53

Hoofstuk 4
Grafieke en statistieke

4.1	Inleiding	55
4.2	Populasie en steekproef	55
4.3	Akademiese prestasies van die sport leerder se	59
4.4	Tyd spandeer aan sport	61
4.5	Tyd spandeer aan akademie	68
4.6	Huishouding status	75
4.7	Ouerbetrokkenheid	77
4.8	Motiveringsfaktore	78
4.8.1	Motiveringsfaktore om sport te doen	78

4.8.2 Motiveringsfaktore om akademies te presteer 81
4.9 Gevolgtrekking 83

Lys van Grafieke en Figure

Fig 4.1.1 Populasie skool 1 56
Fig 4.1.2 Populasie skool 2 56
Fig 4.2.1 Steekproef skool1 57
Fig 4.2.2 Steekproef skool 2 58
Fig 4.3 Akademiese prestasie van sportleerders
Teenoor res van leerders in skool 1 59
Fig4.4 Akademiese prestasie van sportleerders
Teenoor res van leerders in skool 2 60
Fig 4.5 Rugby oefening skool 1 61
Fig 4.6 Krieket oefening skool 1 61
Fig 4.7 Atletiek oefening skool 1 62
Fig 4.8 Tennis oefening skool 1 62
Fig 4.9 Landloop oefening skool 1 63
Fig 4.10 Hokkie oefening skool 1 63
Fig 4.11 Netbal oefening skool 1 63
Fig 4.12 Rugby oefening skool 2 64
Fig 4.13 Krieket oefening skool 2 64
Fig 4.14 Atletiek oefening skool 2 65
Fig 4.15 Landloop oefening skool 2 65
Fig 4.16 Tennis oefening skool 2 66
Fig 4.17 Netbal oefening skool 2 66
Fig 4.18 Hokkie oefening skool 2 67
Fig 4.19 Rugby spelers akademiese tyd skool 1 68
Fig 4.20 Atlete akademiese tyd skool 1 69
Fig 4.21 Krieket spelers akademiese tyd skool 1 68
Fig 4.22 Netbal speelsters akademiese tyd skool 1 70
Fig 4.23 Hokkie spelers akademiese tyd skool 1 70
Fig 4.24 Tennis spelers akademiese tyd skool 1 71
Fig 4.25 Rugby spelers akademiese tyd skool 2 71
Fig 4.26 Krieket akademiese tyd skool 2 72
Fig 4.27 Atlete akademiese tyd skool 2 72

Fig 4.28	Landloop atlete akademiese tyd skool 2	73
Fig 4.29	Netbal spelers akademiese tyd skool 2	73
Fig 4.30	Hokkie spelers akademiese tyd skool 2	74
Fig 4.31	Huishouding status sportleerlinge skool 1	75
Fig 4.32	Huishouding status sportleerlinge skool 2	75
Fig 4.33	Ouerbetrokkenheid sportleerlinge skool 1	77
Fig 4.34	Ouerbetrokkenheid sportleerlinge skool 2	76
Fig 4.35	Motivering om aan sport deel te neem skool 1	78
Fig 4.36	Motivering om aan sport deel te neem skool 2	78
Fig 4.37	Motivering om akademies te presteer skool 1	81
Fig 4.38	Motivering om akademies te presteer skool 2	82

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1	Inleiding	84
5.2	Deelname en ouerbetrokkendheid	84
5.3	Akademiese prestasie	84
5.4	Leerders se tydbesteding	85
5.4.1	Tyd bestee aan sport	85
5.4.2	Tyd bestee aan akademiese studies	86
5.5	Huishoudingstatus	87
5.6	Ouerbetrokkendheid	87
5.7	Motiveringsfaktore vir prestasie in sport	87
5.8	Motiveringsfaktore vir akademiese prestasie	88
5.9	Skool se bydrae tot bestuursvaardighede	88
5.9.1	Tydsbestuur en tydsbenutting	89
5.9.2	Beroepskeusebestuur	89
5.9.3	Bestuur van ouerbetrokkenheid	90
5.10	Samevatting	90
	Bibliografie	93
	Bylaag 1 Vraelys	98

Med Study: The correlation between sport participation and scholastic results

This research was performed to determine if there is a correlation between sport particiaption and scholastic outcomes, especially their academic results of high school students. The motivation theories and the influence of motivation on these outcomes were taken in consideration.

The hypothesis that students who perform well in sport also perform well academically, has been the focus point of this research. The quantitative research method was used and two schools were randomly selected for this purpose. A sample of 200 scholars in the 1st and under 16A sport teams participated in this research.

Some of the results are as follows:

- The scholars that participated in sports outperformed their fellow students academically.
- The scholars that participated in sports spend more hours per week on sport as oppose to their studies.
- The most important motivational factor for participating in sport is for the love of the sport .
- The most important motivational factor for studying is that the scholars focus on their future.

This research concluded that there is a definitive correlation between sport and academic performance. Thus children must be encouraged to participate in sport at any level; it will definitely enhance their scholastic outcomes.

Keywords:

Academic results
Sport
High School
Motivation
Correlation
Quantitative
Research
Time
Scholastic outcome
Future

HOOFSTUK 1

Korrelasie tussen sportuitkomste en skolastiese uitkomste

1. Inleiding

In vandag se moderne wêreld word die kind blootgestel aan ‘n groot verskeidenheid faktore en invloede, beide intrinsiek en ekstrinsiek, wat hom[1] op sy weg na volwassenheid beïnvloed. Die kind moet al hierdie faktore analiseer en verwerk tydens die weg na selfaktualisering en selfstandigwording.

In hierdie veranderende leefwêreld ontstaan die vraag waarom party kinders meer gemotiveerd is as ander en waarom party kinders beter as ander presteer in skolastiese uitkomste soos byvoorbeeld sport, akademie en kultuur. Verder kan daar gevra word of daar ‘n moontlike verband tussen prestasie in sport, akademie en kultuur bestaan, en – vir die doeleindes van die onderhawige studie – of prestasie in sport kinders beter in akademie en kultuur laat presteer .

Is fisiese oefeninge en sportdeelname voordelig vir kinders en bevorder dit hul skolastiese prestasie? Hierdie vrae het al verskeie kere by baie mense opgekom wat betrokke is by die kind se opvoeding en afrigting.

Die mens is al hoe meer passief in sy fisiese leefwêreld, wat deesdae deur tegnologiese en akademiese vooruitgang gekenmerk word. Die mens leef nie meer op sy eie nie maar is deel van die groter wêreld. “The explosion of computer technologies, the expanding internet and other technologies are dramatically transforming our personal lives and education“ (Puckett, Black 1996:482). Hierdie feit veroorsaak dat die mens al hoe minder aan fisiese aktiwiteite deelneem en meer tyd binne die huis deurbring. Kinders bestee al hoe meer tyd voor die televisie en die rekenaar en sodoende word hul fisiese aktiwiteite al hoe minder en word die liggaam al hoe minder geoefen en fisies ontwikkel. “In addition, watching television consumes time, interfering with

[1] Tensy die inhoud anders aandui, sal 'n verwysing na manlik ook die vroulik insluit.

physical activity, exercise, sleep, homework and other worthwhile activities" (Puckett, Black, 1996:482).

Oefening en fisiese aktiwiteite is belangrik vir die ontwikkeling en stimulering van die liggaam en gees. Sokrates het die volgende waarneming al so lank gelede soos 400 jaar voor Christus gemaak: "For everything that men do the body is useful, and in all uses of the body it is of great importance to be in as high a state of physical efficiency as possible. A sound and healthy body is a strong protection to man" (Van Dalen, Mitchell, 1971:61).

Die druk op skole om akademies te presteer word al hoe groter. Aangesien die skool se rooster en kurrikulum akademies van aard is, geniet akademiese vakke voorkeur bo ander vakke soos liggaamsopvoeding, jeugweerbaarheid en beroepsvoorligting. In die meeste skole bestaan liggaamsopvoedingprogramme omtrent glad nie meer nie en word dit doelbewus uit die skool se kurrikulum weggegelaat sodat ander vakke van akademiese belang meer tyd op die skoolrooster kan hê.

Die waarde van liggaamsopvoeding moet nie geringgeskat word nie – dit het groot opvoedingswaarde vir die kind en help met die kind se verhoudingsvorming. "Dit is dus begryplik hoe groot die skool se verantwoordelikheid is om bewegingsvryheid en geleentheid tot deelname aan die kind te bied – 'n feit wat helaas in Suid-Afrika nie duidelik genoeg besef word nie " (Botha, De Villiers, 1979:2).

Hier kan dan veral gelet word op die hedendaagse tendens in die Verenigde State van Amerika waar fisiese aktiwiteite deel van die skool se kurrikulum is. Die skoolure is langer en verleen dus meer beweegruimte binne die skoolure vir fisiese oefeninge sodat die leerders 'n gesonde leefwyse kan aankweek. "U.S.-American policymakers have good reason to focus on the school system in terms of physical activity motivation. In the U.S.A. school-based programs promote a lifestyle of regular, healthy physical activities" (Wigger, 2001:6).

Verskeie navorsingstukke handel oor hierdie ander skolastiese uitkomste wat behaal word deur leerders wat aan fisiese aktiwiteite deelneem. “Other studies supported that athletics enhances education, not only academic results, but for a wide range of other education outcomes. They claimed that athletics contributed to socialization in schools; teamwork, sportmanship, and citizenship skills; leadership skills and satisfaction with the college experience” (Zaug, 1998:64).

Dit is wel so dat daar ook ‘n verband kan wees tussen fisiese aktiwiteite en ander skolastiese prestasies soos byvoorbeeld leierskap, kultuurprestasies, ensovoorts. Dit kan wees dat leerders wat aan sport deelneem ook op ander terreine uitblink en nie net op die akademiese terrein nie.

In sy artikel “Who plays and benefits: Gender, interscholastic athletics, and academic outcomes” maak Tami Videon (2002:416) die opmerking dat daar wel ‘n korrelasie tussen sport en akademiese uitkoms is. “Using a nationally representative sample of adolescents, this article examines how various individual and contextual characteristics are related to the likelihood of interscholastic athletic participation. Results indicate that some of the association between athletic participation and academic outcomes is due to the tendency for better students to participate in athletics. Net of these effects, analyses indicate that participation in athletics has a positive influence on adolescents’ academic outcomes.“

In Engeland en Europa word sport en liggaamopvoeding weer in die skoolsillabus en kurrikulum teruggeskryf nadat liggaamsopvoeding in die vorige eeu uit die skoolkurrikulum verwyder is. Verskeie skole bied dan ook die vak as ‘n akademiese vak aan vir die leerders wat op sportgebied wil studeer of verder aan professionele sport wil deelneem. In Engeland is liggaamsoefening deel van die kurrikulum en word dit wyd in skole aangebied, onder andere in Haywood High School en Bishop Challoner Catholic School (sedert 2004). Daar is beslis voordele vir die skool indien sy leerders aan sport of ander fisiese aktiwiteite deelneem. “Finally, sport, dance and adventure pursuits can promote the corporate life of a school by stimulating morale and providing opportunities

for teachers, pupils and ancillary staff to find mutual satisfaction in individual and team successes" (Bailey, Macfaden,2000:5).

In Suid-Afrika neem leerders aan al hoe minder aan sport en ander fisiese aktiwiteite deel. Dit veroorsaak dat hul groeiende liggame nie fisies volledig ontwikkel nie en sodoende ontstaan daar ook 'n gebrek aan motoriese en geheelbrein-ontwikkeling. Fisiese aktiwiteite is ongetwyfeld nodig vir die volledige ontwikkeling van die kind. "Physical educators and many others always believed that development of a sound body will enhance the development of the mind" (Stull, Eckert, 1986:49). Die kind moet in sy totaliteit geestelik, kognitief en fisies ontwikkel word om 'n volwaardige volwassene te word wat sy plek in die samelewing kan vol staan. "Kolbe's 2002 review of research found that modern school health programs can improve students' health knowledge, attitudes, skills and behaviors and enhance social and academic outcomes" (Educational Leadership, 2003:70).

Indien die leerder nie uit sy eie aan na-skoolse aktiwiteite deelneem nie, ontvang hulle geen of baie min doelgerigte fisiese oefening tydens skoolure. Die liggaam het oefening nodig om behoorlik te kan funksioneer en daarom moet leerders aangemoedig word om aan sport deel te neem. "During childhood and adolescence, essential dispositions are developed that govern future behavior and lifestyle. Thus, health and social competence are two important educational goals. Here physical activity plays an important role. There are, however, growing concerns that physical activity is decreasing among the young and that obesity, drug abuse and violence are increasing" (Wigger, 2001:2).

Die voordele van sport moet beslis deur opvoeders raakgesien en gebruik word tot die voordeel van die kind. "The learning-to-move aim of physical education is based on acquiring movement skills and enhanching fitness. The learning-through-movement aim of physical education is based on the fact that effective physical education can positively affect both the cognitive and social-emotional development of children" (Logsdon, 1999:6).

Uit die bogenoemde aanhaling kan daar met reg gesê word dat sport en oefening beslis bydra tot die sukses van ‘n leerder op sy weg na volwassenheid. Die leerder word deur middel van sport ook voorberei en geskool op baie ander terreine soos leierskap en burgerskap. Hy leer om deel van ‘n span te wees wat dieselfde doelwitte nastreef en wat dieselfde fokus het. Sport het gevolglik nie net ‘n fisiese voordeel nie, maar hou baie ander sosiale voordele vir die kind in.

“Beginning in the 1960’s and continuing to the present, a sizable body of research demonstrates that participation in athletics is associated with an array of positive educational outcomes. Students who participate in sports have better attendance records, lower rates of discipline referrals, and higher academic self-esteem and are more likely to be in a college preparatory curriculum, earn higher grades, and inspire to enroll in and graduate from college” (Videon, 2002:415).

Soos blyk uit die volgende aanhaling is daar ‘n sterk verband en korrelasie tussen fisiese oefening en uitkomste soos spanwerk, sosialisering en sportmanskap. “Athletics contributes to students’ ‘sense of belonging’ or status within society and the school, it develops personal and moral character while promoting leadership, cooperation, coping strategies, risk taking and achievement behavior ” (Zaug, 1998:64).

Die onderhawige studie en navorsing sal spesifiek gerig wees op hoërskoolleerders wat aan sport deelneem. Verder sal daar in hierdie studie navorsing gedoen word om te bepaal of leerders wat aan sport deelneem beter op akademiese gebied presteer as leerders wat nie aan sport deelneem nie. Die rol van motivering ten opsigte van sport en akademiese prestasie sal bestudeer word. Verder sal daar na tydbenutting en tydsbestuur gekyk word as bestuursvaardighede vir onderwysers en leerders, asook na die rol wat verhoudings met ander persone speel in die leerders se motivering om deel te neem en te presteer.

Twee hoërskole sal by hierdie studie betrek word en daar sal na verskeie aktiwiteite en uitkomste gekyk word. Die ondersoekgroep sal bestaan uit

leerders wat aan sport deelneem en hul akademiese prestasies sal ontleed word om te sien of hulle wel beter presteer as leerders wat nie aan sport deelneem nie. In die VSA is hierdie korrelasie reeds ondersoek en maak Gehring (2002:7) die volgende opmerking: “The annual Brookings Institution report says that some schools with top ranked athletic teams actually perform slightly better on state exams than schools with less successful sports programs.”

Verskeie studies is in die verlede gedoen oor sport en fisiese aktiwiteite en die voordele wat dit inhou vir die leerder wat aan sport deelneem. “In the Bielefeld Sport Study, Kurz and his colleagues measured groups of independent, dependent, and mediator variables such as sport activity, attitude toward sport and sport clubs, gender family background, school education and health status“ (Wigger, 2001:2). Daar is verskeie uitkomste wat voordeel trek uit leerders se sportdeelname, maar die navorser wil spesifiek kyk na die verband tussen sport en akademiese uitkoms.

Voormalige sogenaamde model C-skole is die tradisionele wit skole soos geken in die bedeling in Suid-Afrika voor 1994. Die model C-skole is wel bekend vir hulle sport en akademiese prestasies in die voormalige wit gemeenskappe. Die feit dat hierdie skole klem lê op akademie, kultuur en sport maak hierdie skole baie gewild vir leerders van alle kulture en daarom stroom leerders soontoe.

Die Departement van Onderwys en die Departement van Sport en Ontspanning het op Donderdag, 17 Maart 2005 ‘n gesamentlike verklaring afgelê waartydens ‘n samewerkingsooreenkoms wat sport in staatskole wil bestuur en koördineer, onderteken is. Hierdie ooreenkoms kan ‘n groot impak op skole en hulle sportprogramme hê. “In terms of the framework, school sport shall be an integral component of a holistic education programme. Each school will be required to allocate time for participation in school sport during or after formal school hours” (Statement by Stofile / Pandor: School Sport, 2005). Hierdie verklaring sal hopelik tot gevolg hê dat sport en liggaamsopvoeding weer in ons skole teruggebring sal word.

1.2 Rasionaal vir die studie

Vandat hy gebore is, vorm die kind verhoudings tussen homself en ander persone. Hierdie verhoudings is kompleks en bestaan uit baie verskillende aspekte wat ‘n invloed uitoefen op die kind in sy weg na volwassenheid, op sy denke, oordeel en begrip. Die kind vorm relasies met sy ouers, gesin, gemeenskap, portuurgroep, skool, onderwysers en vele ander.

In die onderstaande figuur word die verband tussen motivering, prestasie en verhoudings aangedui. Hierdie drie faktore is met mekaar verbind en daar vind ‘n voortdurende wisselwerking tussen hulle plaas. Uitkomste word beïnvloed deur dinge soos die skool, samelewing, ouers en die portuurgroep waarbinne die leerders funksioneer.



Die prestasies wat behaal word, word deur motivering beïnvloed. In die studie sal daar kortliks aandag gegee word aan motiveringsteoriëe wat op hul beurt weer die kind se verhoudings in ag neem. Uiteindelik het hierdie verhoudings weer ‘n invloed op die kind se motivering en prestasies.

1.2.1 Probleemstelling en doel

Die volgende vrae spruit voort uit die inleiding en sal verder in die studie ondersoek word:
Wat motiveer die kind om aan sport deel te neem?
Wat motiveer die kind om in akademie te presteer?
Is daar ‘n korrelasie tussen hierdie verhoudings wat gevorm word en die motivering van die kind?
Is daar ‘n korrelasie tussen die kind se sportdeelname en sy skolastiese uitkomste, en meer spesifiek, sy akademiese uitkoms?

Die hipotese wat uit hierdie vrae voortspruit is die volgende:
Daar is ‘n positiewe korrelasie tussen ‘n leerder se sportdeelname en sy akademiese prestasie.

Die doel met die navorsing is om die volgende vas te stel:
- Is daar wel ‘n positiewe korrelasie is tussen sport en akademie?
- Watter relasie is daar tussen motivering en prestasie?
- Wat is die motiveringsfaktore wat veroorsaak dat die kind presteer?
- Watter verhoudings beïnvloed motivering en prestasie?

1.2.2 Die skool as opvoedkundige instelling

Die skool het as opvoedkundige instelling ontstaan toe ouers begin het om hulle kinders nie meer tuis te onderrig nie maar hulle liewer na ‘n gemeenskaplike inrigting te stuur vir onderrig en leer. Ouers het besef dat hulle nie die totale opvoedingstaak alleen kon hanteer nie en dat hulle nie oor genoegsame kennis beskik om in ‘n veranderende wêreld hulle kinders toereikend op te voed nie. Kruger stel dit soos volg: “Die skool as opvoedingsinstelling is deur die gemeenskap ingestel met die uitdruklike opdrag om die ontluikende geslag metodies in die geleentheid te stel om vaardighede, kennis en insigte te verwerf wat hulle as toekomstige volwassenes in staat sal stel om toereikend deelgenoot te word van die gemeenskap” (Kruger, 1986:60).

Die verhouding tussen die skool en die ouer moet egter versterk word sodat die kind gelei kan word tot prestasie en motivering. Die moderne samelewing het veroorsaak dat ouers baie minder tyd saam met hulle kinders bestee en in die proses opvoedingstake volledig op die skole afskuif. Daar word dus van die skool vereis om ‘n instelling te wees wat die leerder in sy volle wese opvoed, naamlik akademies, kultureel en fisies. “Met die kind se toetrede tot die skool, vind daar ‘n dramatiese verandering in die kind se lewe plaas. Hoewel die huis nog steeds die primêre invloedsfeer vir die kind is, oefen die skool tydens die kind se middelkindjare ‘n belangrike invloed op die ontwikkeling van die kind uit” (Louw, 1993:553).

Sedert die vroegste tye is die skool gesien as ‘n plek waar kinders kan leer en ontwikkel op akademiese, sosiale, sport- en ander gebiede. Kinders het uit hulle ouerhuise gegaan en skole bygewoon waar hulle spesialisopvoedings-geleenthede kon kry wat nie altyd in die ouerhuis moontlik was nie. Die onderwyser moes in die plek van die ouer kom staan – “in locus parentis”– en moes noodgedwonge baie van die ouers se opvoedingstake op homself neem. “Dit is ongetwyfeld so dat die kind reeds in die huisgesin opvoedend en onderrigtend tot werklikheidsoriëntering en -sosialisering gelei word. Die skool sit hierdie taak voort deurdat hy die kind steun in sy kennismaking met die nuwe wêreld van die volwassene” (Kruger, 1986:62).

Die skool as opvoedingsinstelling moet dus sorg dat die kind in sy totaliteit opgevoed word. Ouers verwag van die skool waarheen hulle hul kinders stuur om aan die leerders ‘n goeie opvoeding te gee. “Dit is die primêre taak van die skool om die kind in sy totaliteit na selfverwesenliking te begelei. Onderwysende opvoeding op skool lê belangrike riglyne vir die kind op sy weg na beskaafde volwassenheid neer” (Griessel, 1986).

Die ouerhuis is die primêre opvoedingsinstelling, terwyl die skool die sekondêre opvoedingsinstelling is. Hoewel die skool oor die afgelope eeue baie meer betrokke geraak het by die opvoeding van die kind, moet die skool aansluit by die opvoeding in die ouerhuis. Dit is uit hierdie oogpunt dat die skool verantwoordelik is vir die kind se volledige ontwikkeling. “To parents, their child

is the most important person in their lives, the one who arouses their deepest passions and greatest vulnerabilities, and the one who inspires their fiercest advocacy and protection. And it is teachers – society's professional adults –and support in the crucial work of child rearing" (Lawrence-Lightfoot, 2004:24).

Daar bly dus 'n verband tussen die skool en die ouerhuis en die een kan nie sonder die ander funksioneer nie. Daar word gereeld 'n beroep gedoen op ouers om meer betrokke te raak by die skool en sy aktiwiteite, sodat die skool en ouers saam verantwoordelikheid kan neem vir die kind se motivering en prestasies.

Die skool neem dus nie die plek van die ouerhuis in nie, maar moet slegs die verlengstuk van die ouerhuis wees en dus die kind begelei soos wat hy in sy ouerhuis begelei sou word. "Aan die hand van die verband tussen huis en skool is aangetoon dat die skool in die loop van die geskiedenis na vore tree as 'n volkome intern soewereine samelewingsverband wat vry in eie bevoegdheid funksioneer om 'n aard-eie rol te vervul, verskillend van, maar gelykwaardig aan die van die huis en die staat, te wete opvoeding deur onderwys" (Stone, 1981:33).

Die skool word die verlengstuk van die ouerhuis en die onderwysers die verlengstuk van die ouers. Hierdie feit maak beslis nie ouers se opvoedingstaak ongedaan nie en die ouer bly nog steeds die primêre opvoeder. "There is no more complex and tender geography than the borderlands between families and schools. Everyone believes that parents and teachers should be allies and partners. After all, we are all engaged in the important and precious work of raising, guiding, and teaching our children" (Lawrence-Lightfoot, 2004:24).

1.2.3 Opvoedkundige uitkomste

Die skool in die moderne era probeer leerders dus volledig opvoed en ontwikkel op hulle pad na volwassenheid. Die primêre skool is nie net ‘n instelling vir skryf, tel en lees nie – die kind word reeds vanaf die primêreskoolstadium in sy totaliteit opgevoed. Hier kan gedink word aan opvoedingsuitkomste op die volgende verskillende terreine: Akademies, kultureel, leierskap, sport, en sosialisering.

1.2.3.1 Akademie

Hierdie uitkoms is die belangrikste uitkoms op skool, want die kind se hele menswees en toekoms hang af van sy akademiese prestasie en die toepassing van verworwe akademiese kennis in sy volwasse lewe. Hierdie akademiese behoefte word primêr by die ouerhuis gekweek, terwyl die skool die sekondêre rol speel. Dit is belangrik dat die ouer van vroeg af reeds betrokke is by die kind en die motivering van die kind om akademies te presteer. Die skool moet dan hierdie behoefte wat in die ouerhuis geskep is, aanvul en sodoende die opvoedingsdoelwitte van die ouerhuis ondersteun.

1.2.3.2 Kultuur

Net soos enige ander mens kan die kind nie op sy eie funksioneer nie en is dit belangrik dat hy deel word van sy eie gemeenskap en kultuur. Sy kulturele leefwêreld word gevorm binne die ouerhuis en skool waar die kind opgevoed word en in die gemeenskap waarbinne hy funksioneer.

1.2.3.3 Leierskap

Die leerder beweeg tussen sy maats en ontwikkel so die vermoë om leiding op sekere gebiede te neem. Die kind se opvoeding in die huis bepaal ook in ‘n mate of hy later leiding sal neem of nie. “Navorsing het getoon dat ‘n leier gewoonlik aktief is, maklik praat, dikwels ‘n hoë status in die groep het en homself kan handhaaf ” (Louw, 1986:612).

1.2.3.4 Sport

Sport is belangrik vir die kind se liggaamlike sowel as geestelike ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling behels motivering, prestasie en sy groepsgebondeheid. Verder leer die kind ook om te kompeteer en aan gesonde kompetisie deel te neem wat hom help op sy weg na volwassewording. Uit die volgende stelling deur Mixon blyk dit dat prestasie in sport selfs veroorsaak dat daar by die leerder ‘n positiewe houding teenoor akademie ontstaan. “Results from our decomposition tests, in conjunction with regression results using updated data sources and a more traditional regression approach from this genre, provide support for the idea that football success is positively related to freshman retension rates. Results provide also strong support for the notion that college/ university graduation rates are significantly influenced by football success” (Mixon, Trevillon, 2005:101).

1.2.3.5 Sosialisering

Die mens is inherent ‘n sosiale wese en dit is belangrik dat elke mens gebonde voel tot ‘n sekere groep. Van die kind se geboorte af is hy deel van sosialiseringsgroepe soos die huisgesin, speelgroepe, kleuterskole en sy maats. Die kind moet deel van sy portuurgroep voel en hierdie gebondenheid veroorsaak dat sy sosaliseringsbehoeftes ten volle ontwikkel. In die skool kan hierdie uitkoms verder ontwikkel word. “Hoewel die gesinsituasie die vertrekpunt van sosialisering is, word sosialisering eers ten volle binne die portuurgroep voltrek” (Griessel, 1986:90).

1.2.4 Waaom hierdie navorsing

Oor die afgelope 14 jaar is die navorser betrokke by die akademiese opvoeding van hoërskoolleerders asook veral by hul sportafrigting. Tydens hierdie tydperk het die navorser ‘n bepaalde verskynsel waargeneem, naamlik dat sekere kinders wat op die sportveld presteer nie alleen ook goeie akademiese prestasies lewer nie, maar ook op vele ander terreine van die skool uitblink. Hierdie leerders is dan ook nie net by uitmuntende sport en akademie betrokke nie, maar presteer ook in ander skolastiese uitkomste soos leierskap en kultuur.

Die omgekeerde is egter ook waar, naamlik dat sekere leerders wat besonder goed in sport presteer, nie sulke sterk akademiese resultate lewer nie. Hierdie tweede fenoneem moet dus ook ondersoek word ten einde vas te stel of daar daar wel ‘n verband of korrelasie bestaan tussen die eerste verskynsel, naamlik dat kinders wat sport beoefen meer geneig is tot beter prestasie in sekere skolastiese uitkomste.

Die neiging in die nuwe onderwyssillabus om die tyd vir sport en fisiese oefening ter wille van meer tyd vir akademiese vakke te beperk, kan uiteindelik dalk ‘n negatiewe uitwerking hê op die kind en sy opvoeding. Is dit werklik vir die leerders voordelig dat die onderwysdepartement sport en oefening probeer uitfaseer? Dit is van die uiterste belang dat ‘n kind wel fisiese oefening kry omdat dit vir die leerder baie voordele inhou ten opsigte van sy vermoë om te dink, te redeneer en te handel. “Although the unique contribution of developmental physical education is in the acquisition of movement skills and fitness enhancement, many important contributions are also made to cognitive aspects of children’s development. Cognitive learning is progressive change in ability to think, reason, and act” (Logsdon, 1999:10).

Hoofstuk 2
Motivering en die leerder as verhoudingswese

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar kortliks gekyk na motivering en motiverings-bestuur as beïnvloeding van die skolastiese uitkomste van ‘n leerder. Die leerder as verhoudingskepper en verhoudingswese sal ook ondersoek word. Verder sal daar gekyk word na faktore wat hierdie motivering beïnvloed en wat sodoende inwerk op die kind se opvoeding en sy verskillende skolastiese uitkomste. Motivering en verhoudingsvorming reageer in wisselwerking teenoor mekaar. Enersyds het verhouding motivering as uitkoms, en andersyds kan hierdie motivering ‘n leerder positief of negatief stimuleer en motiveer. Die algemene verwagting is dat verhoudings die leerder positief moet motiveer om beter te presteer. Die leerder vorm verhoudings met lede van sy portuurgroep, sy ouers, onderwysers en ander mense.

Hierdie hoofstuk fokus kortliks op die verskillende teorieë oor motivering wat deur die eeue heen ontstaan het. Motivering kom van iemand of iets af en word dan oorgedra op die persoon wat gemotiveer word. Baie navorsing en studies is al gedoen oor motivering, asook oor die ontstaan en oordra daarvan. Verskeie persone het belangrike bydraes gelewer op hierdie gebied. Daar sal dus kortliks na ‘n paar navorsers se werk oor ontwikkelingsteorieë gekyk word en hul sienings oor motivering en die ontwikkeling van die kind sal in verband gebring word met verhoudingsvorming en motivering.

2.2 Motivering en prestasie

Hoewel die begrip motivering aan die meeste mense bekend is, is dit moeilik om die begrip te definieer. Die woord motivering word afgelei van die Latynse begrip *movere*, wat beteken "om te beweeg". ‘n Studie van motivering behels dus daardie dinge wat die mens beweeg om op sekere maniere op te tree. Volgens Avenant (1985:22) is daar drie tipes motivering of beweegredes, naamlik:

- Behoeftes
- Drange
- Aanspoormiddels

Dit is hierdie tipe motivering wat die leerder dus beweeg om te presteer op sport- en akademiese gebied. Motivering dek die hele spektrum van doelgerigte gedrag, asook vele aspekte van die onbewustelike gedrag van die mens.

Dit is juis hierdie multidimensionele aard van motivering wat dit so moeilik maak om te bestudeer. Geldenhuys (1975:14) beskryf motivering as kompleks, ingewikkeid en veral varieerbaar in terme van tyd. Hy beweer verder dat die mens 'n multidimensionele wese is waar nuwe komponente van menslike motiewe steeds na vore kom, en dat motivering altyd teen die agtergrond van 'n bepaalde mensbeskouing gesien moet word. “Die mens het ‘n multi-dimensionele samestelling. Hy is eerstens ‘n biologiese wese, maar terselfdertyd ook ‘n sosiale en psigiese wese“ (Geldenhuys, 1975:15).

Motivering bestaan uit verskeie fasette en is ‘n komplekse en interessante fenomeen. Die feit dat mense oor ‘n breë front werk en presteer, laat die volgende vraag ontstaan: *Wat is dit wat veroorsaak dat party mense meer gemotiveerd is as ander?* Is die mens van nature werkgerig en prestasiegerig, en wat is die verskillende faktore wat hierdie motivering veroorsaak? Die antwoorde hierop het direk met die X-en-Y-teorie van Hertzberg te doen. “Frederick Hertzberg proposed a theory of motivation based on the idea that some factors motivate and some demotivate. Conversely, motivation factors include things such as achievement, growth and crucially work itself ” (Droar, 2003:4). Die X-teorie beweer dus dat mense altyd lui is en die Y-teorie, daarenteen, dat mense altyd gemotiveerd is.

Vroom se verwagtingsmodel is ook belangrik as ons praat oor motivering, want hy toon aan dat dit wat ‘n persoon van sy uitkoms verwag, hom regstreeks motiveer. Verder toon hy aan dat prestasie word gedryf deur dit wat die individu graag wil bereik en waarin die individu glo, asook hoe die individu voel en wat ander persone doen om hom te motiveer om te presteer. “Vroom’s expectancy

theory argues that motivation is based on values and beliefs of individuals, or how a person feels predicts performance and outcomes" (Young, 2000:2).
Motivering is egter die enkele grootste faktor wat die uitkoms van 'n mens se gedrag bepaal. Hierdie motivering kan positief of negatief op die kind inwerk. Dit wat die mens doen en beweeg om iets te doen, word geaktiveer deur motivering, wat dan uitloop op handeling.

Positiewe motivering is gevolglik een van die belangrikste faktore wat die kind se prestasies beïnvloed, met spesifieke verwysing na sy prestasies op sportgebied, kultuurgebied of akademiese gebied. Die kind se motivering moet op so 'n wyse bestuur word dat hy as leerder die beste en gewenste resultate kan lewer.

Die vraag waarop hierdie studie fokus, is dus: Watter faktore dra by tot 'n persoon se sukses op sport- sowel as akademiese gebied? Wat dryf sommige mense om so intens aan sport deel te neem dat ander dit selfs as afwykende gedrag sien? Waarom word party mense, in ons geval kinders, gemotiveer om te presteer terwyl ander geensins in prestasie belang stel nie? "Within a competitive system of motivation, students focus on their ability to win or outperform others. Their self-perception of ability becomes a function of how they perform relative to others" (Shui-fang Lam, 2004:282).

Ten einde bogenoemde vrae te beantwoord, is dit belangrik om na verskillende motiveringsteorieë te kyk en, waar moontlik, hulle op die akademiese en sportsituasie toe te pas. Leerders wat aan sport deelneem, is waarskynlik goed gemotiveerd en hierdie motivering kan ook oordra na die leerder se akademie. "One recent study has extended this work by finding that the type of motivational goals pursued by student-athletes in sport are linked to various adaptive competence perceptions reported within the academic realm" (Ryska, 2004:3).

2.3 Motiveringsteorieë

Daar is verskeie motiveringsteorieë maar vanweë die beperkte omvang van hierdie studie word slegs aandag gegee aan van die belangrikste eksponente van verskeie teorieë wat sterk verbind kan word met die tema van die huidige navorsing. Freud en Maslow word gebruik as voorbeelde van ‘n teorie wat motivering verklaar, terwyl Hertzberg en Vroom se teorieë eerder aandui hoe mense gemotiveer kan word. Bronfenbenner se ekologiese teorie is ‘n resente en moderne teorie wat na die motiveringsaspek vanuit ‘n sisteemteoretiese verwysingsraamwerk kyk. Dit omvat die kind in al sy verhoudings, wat moontlik ‘n motiveringsrol in die kind se lewe kan speel.

2.3.1 John Locke (1632-1704)

Locke beskryf die kind as ‘n persoon wat gebore word en soos ‘n skoon bladsy is wat baie kennis kan inneem. Die kind is potensiaal afwagtend en die bladsy (kind) wag net om ontwikkel te word. Hierdie bladsy word dan vol geskryf namate die kind ontwikkel. Dit wat die kind leer terwyl hy opgroei en as jong kind word so op hom ingeskryf en sal vasstaan tydens sy volwassenheid.

2.3.2 Jean-Jacques Rousseau (1712-1778)

Rousseau het die kind beskryf as iemand wat reeds oor innerlike potensiaal beskik en hierdie potensiaal wag net om ontsluit te word. Hierdie potensiaal moet dan deur sekere gebeure geaktiveer word en so word kind gestimuleer en geaktiveer. Gebeure en verhoudings wat die kind vorm, bepaal sy motivering. Wat die kind beleef, vorm sy gedrag en die wyse waarop hy weer later in die toekoms op sekere gebeure sal reageer, hang af van wat hy in sy jeug geleer het.

2.3.3 Sigmund Freud (1856-1939)

Freud se teorie, die sogenaamde psigoanalise, is tot op hede nog een van die volledigste teorieë, indien nie die volledigste nie, in die verklaring van menslike gedrag. Sy teorie dat die kind se vroëejare-ontwikkeling sy latere jare beïnvloed, en dat dit ook ‘n impak op sy motivering en prestasies sal hê, word tot vandag nog in navorsing oor die ontwikkeling van die kind gebruik. Ongelukkig is Freud se beskouing oor motivering so 'n integrale deel van sy teorie as geheel dat dit moeilik verstaan kan word sonder 'n mate van kennis van die teorie in die algemeen.

Freud se beskouings oor motivering staan bekend as sy drangteorie. Meyer (in Meyer, Moore & Viljoen, 1988) beweer dat Freud se oorspronklike Duitse term 'Trieb', wat dikwels ook as 'instink' vertaal word, eerder met die woord 'drang' vervang kan word. 'n Drang of instink bestaan uit 'n fisiese ('need') en 'n psigiese ('wish') komponent. Die fisiese aspek is ingebore en word deur Freud as die meer belangrike en oorheersende dryfkrag agter gedrag beskryf. In die kleinkinderjare gaan dit om die uiting van 'n drif, of anders gestel, die vervulling van fisiese wense.

Die psigiese drang word gevorm deur omgewingsfaktore en die impak van die eerste ses jaar van 'n kind se lewe beklemtoon die feit dat die kind se ouerhuis baie belangrik is tydens sy kinderjare. Dit is tydens die kinderjare dat die kind ‘n verhouding met sy ouers skep en hierdie verhouding het ‘n enorme invloed op sy motivering en latere prestasies. “Childhood is seen as a decisive period for the development of the human being” (Morsy, Tadesco, 1997:461). Die kind leer primêr by sy ouers en ander familielede – dit is dus van die uiterste belang dat die gesin ‘n gesonde basis het.

“Freud’s psychosexual theory highlighted the importance of family relationships for children’s development. It was the first theory to stress the importance of early experience for later development” (Berk, 1997:539). Omdat die gesin deesdae nie meer so nou aan mekaar verbonde is nie en daar nou baie ander

partye is wat die kind beïnvloed, soos byvoorbeeld die omgewing, portuurgroep en ander faktore, sal ons later in meer besonderhede na hierdie faktore kyk.

Die mens het ‘n natuurlike drang om te presteer – dit maak nie saak op watter gebied dit is nie. Hierdie prestasie, hetsy op akademiese, sport-, kultuur- of ander gebied word deur die natuurlike drang om te presteer geaktiveer. Motivering is dus iets wat van binne kom, hetsy 'n instink, refleks of 'n drang. Anders gestel, beteken dit dat motivering ‘n biologiese aspek is wat die gedrag van die kind bepaal.

2.3.4 Maslow

Alhoewel Maslow se Hierargie van Behoeftes (Puckett, Black,1996:427) nie spesifiek op die sportman gerig is nie, is kennisname van hierdie teorie tog belangrik om te verstaan hoe en waar motivering by die huidige navorsing inpas. Dit verskaf 'n beter begrip van motiveringsaspekte in sportverband, veral as na faktore soos selfaktualiserings- en affiliasie-behoeftes gekyk word.

Die mens het die behoefte om te presteer en dus moet ons na ander behoeftes kyk wat hiermee in verband gebring kan word. Volgens Maslow beweeg ‘n mens van die onderste vlak na die boonste vlak van behoeftes soos uiteengesit in sy hierargietabel wat hier onder bespreek word.

2.3.4.1 Fisiologiese behoeftes

Dit verwys na die mees basiese behoefte van die leerder en gaan dus om die vermoë om fiksheid, uithouvermoe, krag en vaardighede te ontwikkel. Die liggaam se ontwikkeling staan hier in die middelpunt en die leerder probeer so fisies so sterk as moontlik te ontwikkel. “The first and lowest, but most potent, level of the five in Maslow’s hierachy of needs is the need for physiological well-being, wich includes most basically the need for food and drink” (Puckett, Black, 1996:426).

2.3.4.2 Behoefte aan veiligheid en gebondenheid

Wanneer die kind se fisiologiese behoeftes bevredig is, soek hy na veiligheid en gebondenheid. Die kind wil veilig voel, en het dus ‚n behoefte aan sekuriteit, roetine en voorspelbaarheid. As hy nie veilig voel nie, sal hy moeilik gemotiveer word tot deelname. Die optrede van die afrigter en ander betrokkenes kan bydra om 'n aanvaarbare atmosfeer te skep waarin die atleet veilig sal voel.

2.3.4.3 Behoefte aan affiliasie

Dit verwys na die leerder se behoefte om te behoort - om deel te wees van 'n groep. Die meeste mense wil aan iets 'behoort'. Die affiliasiebehoefte kan as ‘n sterk motivering dien om volgehoue deelname en ander prestasies te verseker. “Hungering for love, affection and acceptance, the child seeks a place in the family, play or school group” (Puckett, Black, 1996:427). Om hierdie rede kan die kind presteer, en gemotiveer word om te presteer, om sodoende “in” te wees en in te pas by sy maats.

2.3.4.4 Behoefte aan selfagting

Die behoefte aan selfagting toon 'n noue verband met die voorafgaande behoefte aan affiliasie. Maslow noem hier twee subkategorieë, naamlik:

- ‘n Stel behoeftes wat berus op wat die persoon self vermag. Dit hou verband

met ‘n gevoel van bekwaamheid, prestasie, persoonlike sterkte, selfvertroue, persoonlike sterkte en onafhanklikheid.

- Wanneer die sportman begin presteer, verhoog sy “aansien” by ander en sodoende verhoog die agting wat hy van sy vriende, ouers, ondersteuners, toeskouers en afrigters geniet.

“According to Maslow, a need for a stable and firmly based positive self-evaluation is prevalant in all individuals. Self-esteem includes feelings of self-confidence, self-worth, and efficacy and feelings of being wanted and needed. Individuals who lack self-esteem feel helpless, weak, discouraged and unneeded“ (Puckett, Black, 1996:427).

2.3.4.5 Behoefte aan selfaktualisering

Selfaktualisering verwys na die begeerte om alles te wees waartoe 'n mens in staat is, dit wil sê om ten volle gebruik te maak van al jou vermoëns, talente en potensiaal. Hierdie selfaktualisering word bereik as al vier voorgenoemde vlakke bereik is. Volgens Maslow het elke mens sy eie selfverwesenlikingsbehoeftes en moet elke persoon “sy eie ding“ doen. “A musician must make music, an artist must paint, a poet must write if he is to be at peace with himself. What a man can be, he must be. He must be true to his own nature” (Maslow, Frager, 1970:46).

In die volgende paragrawe sal ons kyk na moderne motiveringsteorieë.

2.3.5 Ekologiese-stelsel-teorie as ‘n moderne teorie oor motivering

Hierdie teorie is deur Urie Bronfenbrenner, ‘n Amerikaner, in die 1990’s ontwikkel en lê veral klem op die verhoudings wat geskep word en sodoende invloed het op motivering en prestasie. Sy siening is dat die kind in ‘n komplekse omgewing van verskillende verhoudinge, sisteme en invloede grootword en dan in hierdie situasie moet ontwikkel. Dit maak dit baie moeilik vir die kind om te ontwikkel en te groei op sy weg na volwassenheid.

Die kind leef nie in isolasie nie, maar word deur verskeie faktore en stelsels in sy omgewing beïnvloed. Volgens hom is daar ‘n verband tussen al hierdie verhoudings en kan hulle nie alleen funksioneer nie. Die ouer/kind-verhouding word byvoorbeeld beïnvloed deur die kind/portuur-verhouding, ensovoorts. “Bronfenbrenner expanded this view by envisioning the environment as a series of nested structures that includes but extends beyond home, school, and neighbourhood settings in which children spend their everyday lives” (Berk, 1997:24).

Die ekologiese-stelsel-teorie kom ooreen met ouer teorieë in die sin dat dit erken dat alles rondom die kind ‘n invloed op hom het. Dit sluit ook aan by Locke se idee dat alles waarmee die kind te doen kry hom sogenaamd “volskryf”. Die stelsel en omgewing ontsluit ook die kind potensiaal (Rousseau), terwyl die ouer en daarna die skool die belangrikste faktore is wat sy ontwikkeling beïnvloed (Freud).

Bronfenbrenner breek die komplekse verhoudings en relasies waarbinne die kind opgroei in vyf hoofkomponente of -stelsels op waarna ons kortliks sal kyk.

2.3.5.1 Mikrostelsel

Hierdie stelsel word beskryf as die een wat die naaste aan die kind is. Die kind se onmiddellike omgewing is vir hom die belangrikste en hier word veral sterk op die ouers gekonsentreer. Dit is egter nie net die ouers wat die kind beïnvloed nie, want die biologiese eienskappe waarmee die kind gebore is, beïnvloed ook die ouer se gedrag teenoor hom. Byvoorbeeld, ‘n kind wat altyd lag en ‘n plesier in die huis is, word anders behandel as ‘n kind wat eiesinnig en bot optree. Bronfenbrenner beweer ook dat dit nie net die ouer en kind is wat ‘n invloed op mekaar het nie, maar dat daar ook invloede deur derde partye ontstaan.

2.3.5.2 Mesostelsel

Die kind se ontwikkeling vind nie net in sy direkte omgewing plaas nie. Die groter omgewing, sosiale agtergrond en kultuur beïnvloed ook sy leer en ontwikkeling. In die mesostelsel word daar spesifiek gekyk na die groter omgewing soos die skool, woongebied en sy huis. ‘n Voorbeeld wat (Bronfenbrenner,1979:232) aanhaal, is dat ‘n kind se akademiese prestasie nie net afhang van die aktiwiteite in die klassituasie nie, maar ook beïnvloed word deur die motivering wat vanuit die ouerhuis uitgaan ten opsigte van leer en akademiese prestasie. “Even if one is raised by wolves, learning is socially situated. Discussions of learning environment can have many frameworks, ranging from traditions of learners’ cultural or ethnic group to the interpersonal atmosphere of small institutions such as schools and the family” (Curren, 2003:254).

2.3.5.3 Eksostelsel

Die eksostelsel verwys na dinge wat nie direk op die kind ‘n invloed het nie, maar wel indirek. Dit behels faktore soos die ouers se werksure, die werkgewer se houding teenoor vakansies, siekteverlof, ensovoorts. Die hoeveelheid tyd wat ouers by die werk bestee, beïnvloed die kind deurdat sy ouers baie minder tyd by die huis en aan sy opvoeding spandeer. “Exosystem support can also be informal, such as parent’s social networks – friends and extended family members who provide advice, companionship, and even financial assistance” (Berk, 1997:25).

2.3.5.4 Makrostelsel

Hierdie is die buitenste deel van Bronfenbrenner se model – dit is nie spesifiek nie, maar gaan oor die waardes, wette, gebruike en norme van spesifieke kulture wat die ontwikkeling van die kind beïnvloed. ‘n Sprekende voorbeeld is die Japanese kultuur wat ‘n hoë werks- en akademiese etiek het en dit sonder uitsondering ook van hulle kinders verwag. Dink ook aan die waardes van die Afrika-kulture waar dit van jong dogters verwag word om hulle boeties en

sussies groot te maak. Hierdie grootmaakproses waar kinders ander kinders grootmaak, het ‘n groot invloed op hulle verhoudings, motivering en prestasies.

2.3.5.5 Dinamiese-verandering-stelsel

Die kind leef in ‘n snelveranderende wêreld en die ouers sowel as kinders moet hierby aanpas. Die kind se omgewing verander elke dag en aanpassings in sy ontwikkeling is nodig om sulke veranderings te kan hanteer. Hierdie stelsels van dinamiese verandering het ongetwyfeld ‘n invloed op sy ontwikkeling, motivering en opvoeding.

Dink byvoorbeeld aan ‘n huisgesin wat ‘n nuwe baba in die huis bykry. Die ouers se aandag word noodwendig tussen die huidige kinders en die nuwe baba verdeel, en die ouer kinders moet eenvoudig by hierdie nuwe opset aanpas. Die aankoms van die nuwe baba het ook ‘n ander tipe invloed op ‘n peuter as op ‘n hoërskoolleerder. Die kind verander self ook sy eie omgewing wanneer hy byvoorbeeld van maats verander of besluit om aan ‘n ander sport deel te neem.

Vervolgens kyk ons na die verhoudings wat deur die kind geskep word.

2.4 Die kind as verhoudingskepper

Verhoudings en die skep van verhoudings staan beslis sentraal wanneer daar gekyk word na al die bogenoemde motiveringsteorieë. ‘n Kind leef nie geïsoleerd in sy eie wêreld nie en vorm deurgaans verhoudings met mense en dinge rondom hom. Wanneer daar gekyk word na die leerder en die verband tussen sy sport en verskillende skolastiese uitkomste – oftewel meer spesifiek na die verband tussen die sport en sy akademiese uitkoms – is dit belangrik om eers kortliks aandag te skenk aan die leerder en sy verhoudings, asook hoe daardie verhoudings gevorm word.

Enige kind gaan verhoudings aan en hierdie verhoudings beïnvloed sy motivering, gedrag en selfaktualisering. Selfaktualisering (volgens Maslow) is nodig sodat die leerder sy volle potensiaal kan bereik en uitleef. Dit is hierdie potensiaal wat sy sport en akademiese uitkoms beïnvloed. Dit is dus van kardinale belang dat die kind op die regte tyd die regte tipe verhoudings aanpak. “Die kind se opvoeding, grootword en sosialisering word voltrek in ‘n sosiale struktuur wat sosiale groeperinge insluit waarin sosiale verhoudinge van die mees intiem-persoonlike tot die mees formeel-saaklike kan wissel” (Pretorius, Le Roux, 1998:5).

Die kind se verhoudings in die gesin, samelewing en portuurgroep by die skool, op die sportveld, en in die media het beslis ‘n invloed op sy potensiaal, motivering en verskillende skolastiese uitkomste.

2.4.1 Die gesin

Wanneer daar na die gesin verwys word, sluit dit die ouers en ander kinders in die gesin in asook die res van die familie soos oupas, oumas en ander ooms, tannies, ensovoorts. Die familie en ouerhuis is die belangrikste plek waar die kind verhoudings aankoop. Die kind se verhouding met sy gesin begin by sy geboorte en hou nie op voordat hy die dag doodgaan nie.

“Die woord ’gesin‘ beteken reisgeselskap en soos die woord beskryf, is die gesin gedurig in mekaar se geselskap en ’reis‘ die familie elke dag saam en beïnvloed mekaar. Die tradisionele gesin bestaan uit vader, moeder en kind of kinders, en voltrek ‘n intieme interaksie of groepsgebeure wat as gesinslewe bekend staan. Die gesin is ‘n kompleks van verhoudinge wat onderlinge verbande en invloede vertoon. Hierdie verhoudinge hang saam en beïnvloed mekaar” (Pretorius, Le Roux, 1998:43). Alhoewel die tradisionele siening van die gesin as uitgangspunt gebruik word, is daar ook ‘n groot aantal enkelouergesinne of afwesige ouers waar kinders by “pleegouers” woon. Ten spyte van al hierdie verskillende gesinsvorme, bly die basiese dinge wat ‘n kind van sy gesin vereis en die behoeftes wat kinders in die gesin het, steeds dieselfde.

Die gesin is die eerste opvoedingssituasie waarin die kind hom bevind en dit is uiters belangrik dat hierdie verhouding so gesond as moontlik is. Die kind leer hier wie en wat hy is en waarheen hy op pad is. Positiewe sowel negatiewe gesindhede wat in die familie geskep word, bly die kind vir ewig by. Indien die kind veilig voel, sal dit sy selfaktualisering positief laat manifesteer. Die belangrikheid van die gesin kan in die volgende aanhaling gesien word: “Alhoewel die kind al meer buite die geborge gesinskring begin beweeg, bly sy ouers nog sy primêre steungewers. Die aanmoediging, steun, liefde en begeleiding van ouers is daarom van die allergrootste belang vir sy persoonlikheidsontplooing” (Du Toit, Kruger, 1991:125).

Ouers voed hulle kinders verskillend op en hierdie opvoedingswyses word deur verskillende faktore beïnvloed. Volgens Hammachek (1987:208-217) maak die volgende faktore ‘n bydrae tot hierdie opvoeding:

- Die ouer se vorige opvoedingservaring met sy eie ouers bepaal baie keer die manier waarop hy op sy beurt weer sy kinders hanteer en opvoed.
- Die ouer se persoonlikheid beïnvloed sy styl van opvoeding.
- Die kind se persoonlikheid lei ook die ouers ten opsigte van die manier waarop hy opgevoed gaan wrd. ‘n Sagte kind sal anders hanteer word as ‘n kind met sy eie wil.
- Die ouer se sosio-ekonomiese posisie in die samelewing bepaal baie keer hoeveel tyd en aandag die kinders kry. Die gesin wat finansieel sterk is, is gemaklik in staat om meer geleenthede vir hul kinders te skep. Hierdie leerders het dan ook ‘n veel beter kans om suksesvol in sport en skolastiese uitkomste te wees. “ Because greater number of middle- and upper-class students participate in sports and academic outcomes are positively influenced by socioeconomic status” (Videon, 2002:417).

Die ouer moet die kind met liefde en deernis opvoed sodat die kind se volle potensiaal ontwikkel kan word. Dit is ook belangrik dat ouers hul kinders ken en sodoende weet waartoe elke kind in staat is, sodat daar nie onnodige druk op die kinders geplaas word nie. Dit is ook so dat kinders verskil en dat ouers nooit

kinders binne ‘n huishouding teen mekaar moet afspeel nie. So ‘n optrede kan die gesin baie skade aanrig en kan selfs daartoe lei dat die gesin in verskillende kampe verdeel word.

Wanneer ‘n mens terugdink aan jou eie kinderjare, kan jy nie spesifiek sê wat jy geleer het nie. Die feit van die saak is egter dat baie dinge wat jy binne die gesinsopset geleer het, in jou samestelling ingeprent word en sodoende weer later terugkeer om deur jou as meetinstrument gebruik te word. Hier kan ‘n mens dink aan die volgende algemene voorbeelde:

- Die kos waarvan jy hou
- Die tipe vakansie wat jy geniet, bv. seevakansies, bergvakansies of kampeervakansies
- Die sportspan wat jy ondersteun

Die ouerhuis is beslis die plek waar die kind die meeste leer en die meeste beïnvloed word. Deesdae word die bewering gemaak dat die kind meer buite die gesin beïnvloed word, omdat die kind nou meer tyd by die dagmoeder, kleuterskool en skool bestee as by die huis. Dit is wel so in vandag se omstandighede dat albei ouers baie keer werk, met die gevolg dat die ouerhuis nie meer die plek is waar die kind die grootste deel van sy opvoeding ontvang nie. ‘”Of course, other social settings also mold children’s development, but in power and breadth of influence, non equals the family. The attachments children form with parents and siblings usually last a lifetime” (Berk, 1997:539).

Navorsers is dit eens dat die hele gesin ‘n integrale deel van die kind se opvoeding en relasievorming uitmaak. Meer gerig op ons ondersoek van die korrelasie tussen sport en akademiese uitkoms, kan ons sien dat die gesin ‘n groot invloed op die kind uitoefen, en sodoende sal dit ook die kind se motivering ten opsigte van sy sport- en sy akademiese prestasies affekteer. Daar is dan ook verskillende faktore wat inwerk op die kind en sy verhouding met die gesin. Hier kan gedink word aan die volgende:

2.4.1.1 Samestelling van die gesin

Hoewel enige een van hierdie faktore in der waarheid ‘n studie op sy eie regverdig, kan die volgende gedagtes kortliks genoem word:

Is die gesin in sy oorspronklike vorm? Dit wil sê, is die vader en moeder nog getroud, word die kind in ‘n enkelouerhuis groot, of is die ouers weer getroud? Daar is al verskeie studies gedoen oor die invloed van enkelouerskap en stiefouers op die kind. Berk (1997:539) noem byvoorbeeld dat omtrent een derde van tienerseuns en ‘n kwart van tienerdogters hulself van hul nuwe stiefouers onttrek. Hulle bestee minder tyd by die huis en gaan woon gewoonlik by kennisse of ander familie. Hierdie onttrekking het normaalweg katastrofiese gevolge, teenoor die geval van tieners wat met hulle stiefouers oor die weg kom en min of geen aanpassingsprobleme ervaar nie .

Indien daar meer as een kind in die gesin is, het dit ook ‘n invloed op die opvoedingsuitkomste. Enkel kinders het die voordeel dat hulle meer aandag kry en so dalk beter kan ontwikkel. Dit is egter ook tot die kind se nadeel om as alleenkind groot te word en ouers moet versigtig wees om nie die kind as ‘n klein “grootmens “ groot te maak nie.

Dit is so dat die samestelling van die gesin ‘n invloed op die kind se ontwikkeling het. Dink net aan die hoeveelheid aandag wat ‘n enkel kind potensieel kan ontvang, teenoor ‘n uitgebreide gesin met ‘n hele paar kinders. Dit is eenvoudig so dat hoe meer kinders daar in die gesin is, hoe meer verdeeld die aandag van die ouers aan die kinders is. Die ander kant van die saak is dat broers en susters verhoudings vorm en so mekaar kan motiveer om beter te presteer. Ouers probeer hul bes om behoorlik by elkeen van die kinders uit te kom afhangend van die tyd wat hulle beskikbaar het vir hul daaglikse opvoedingstaak. Maurice Craft beaam die feit dat die grootte van die gesin die kind se skolastiese prestasies affekteer: “It is a well established fact that children from small families at all levels tend, on average, to peform better both in intelligence tests and at school“ (Craft, 1970:41).

Waar daar ‘n enkel kind in die gesin is, bestaan die gevaar dat ouers dalk te veel van die kind kan verwag en dat hy altyd ‘n modelkind moet wees wat die ouers gedurigdeur tevrede moet stel. So ook kan ouers dalk te veel druk op hul kind plaas om te presteer en dit kan sy verhoudings met ander en sy eie ontwikkeling nadelig beïnvloed. In China waar die regering enkelkindgesinne aanmoedig, is daar navorsing gedoen oor die moontlike verskil tussen hierdie enkel kinders en kinders uit gesinne met meer as een kind. Toni Falbo en Dudly Poston (1993) se studie het die volgende bevind:

- Enkel kinders in China het beter op akademiese gebied in die skool presteer as kinders uit ‘n uitgebreide gesin.
- Enkel kinders was minder gespanne as kinders uit ‘n gesin waar daar meer babas was.

2.4.2 Tipe gesinsverhoudings

Die manier waarop die gesin funksioneer en die ingesteldheid van die lede van die gesin teenoor mekaar, het ook ‘n duidelike invloed op die kind se ontwikkeling. Dit is veral die ouers se leiding en styl van opvoeding wat ‘n belangrike rol in die kind se ontwikkeling speel. Die ouerhuis as primêre opvoedingsinstelling se rol kan nie oorbeklemtoon word nie. Die kind word beïnvloed deur die gesinsopset en daar is verskeie “soorte” gesinne. ‘n Paar soorte word kortliks hier onder bespreek.

2.4.2.1 Die patriargale gesin

Hierdie gesinsvorm berus streng op die vader se gesag en stem baie ooreen met die aggressief-outoritêre gesin. Die moeder van die huis word ook onderwerp aan die vader se gesag. Die pa of vader word gesien as die alleenoordraer van dissipline, kennis en mag. Die tipe gesin het in die verlede veral voorgekom in landelike gebiede waar die gesin goed vir hulleself kon sorg en nie op die res van die gemeenskap aangewese was nie. Die gesinslede se rolle was goed afgebaken en die ouers het duidelike toekomsbeelde vir die kinders gestel. Die patriargale gesin word deesdae minder algemeen aangetref en is besig om te verdwyn in die snel veranderende samelewing. Geen gesin

kan vandag op sy eie funksioneer nie, maar is blootgestel aan die breër omgewing. “Hierdie tipe gesin het beslis ‘n negatiewe invloed op die kind se motivering en toekomsverwagtinge” (Pretorius, Le Roux, 1998:54).

2.4.2.2 Die verdedigend-outoritêre gesin

In hierdie opset word die gesin as veilige hawe deur die ouers oorbeklemtoon. Die kind word glad nie of min blootgestel aan die buitewêreld en aan dinge wat buite die gesin gebeur. Die gesin staan sentraal in alle dinge en die ouers is gewoonlik reg en weet altyd beter as ander. Die kinders word gewoonlik hul deelname aan vryetydbesteding ontsê en ook selektief aan die samelewing blootgestel. ”Oordrewe geslotenheid verhinder egter die kind se ontmoeting met ‘n verskeidenheid persone buite die gesinsituasie in wie se voorbeeld hy ook ander moontlikhede moet ontdek” (Pretorius, Le Roux, 1998:54).

2.4.2.3 Die aggressief-outoritêre gesin

In hierdie verhouding geskied die kommunikasie in die gesin net in een rigting. Die ouer of ouers oorheers die hele gesin en is outokraties as dit by besluitneming kom. Hierdie tipe verhouding lei beslis tot spanning in die huisgesin en loop uit op konflik tussen kind en ouer. “Die ouers is aggressief en outoritêr op grond van hulle sosiale ambisie om die kind te dryf tot hoë posisies in die samelewing wat hulle self bereik het of self nooit kon bereik nie“ (Pretorius, Le Roux, 1998:54). Ouers in die aggressief-outoritêre gesin motiveer die kind om op ‘n sekere gebied te presteer sodat die ouer se drome verwesenlik kan word. Die kind moet sy ouers se ambisies bevredig en prestasies behaal waarin laasgenoemde nie self kon slaag nie. Hy kan of mag dus nie vir homself dink of besluit wat hy wil doen nie.

2.4.2.4 Die toegeeflike gesin of skyngesin

Hierdie gesin word gekenmerk deur ouers wat glo aan pedagogiese onverantwoordelikheid en ‘n laat-maar-gaan houding. Die kind weet nie waar hy staan nie en weet ook nie watter reëls vir hom geld nie. Daar is onvoldoende

opvoedingskommunikasie tussen ouer en kind en die kind word nie begelei op sy pad na volwassenheid nie. Die ouers is apaties teenoor die kind en die kind word nie gehelp met die vorming van verhoudings met sy portuur of kultuur nie. Die kind dwaal rond en sy posisie in die samelewing is glad nie vir hom duidelik nie. Die ouers probeer gesag handhaaf, maar dit werk nie. Die kind word oorval deur invloed van buite die huis omdat die ouer feitlik geen beheer oor hom het nie. Omdat die ouers dit tog besef, poog hulle dikwels om deur uitermatige streng dissipline en maatreëls weer beheer in die huishouding te verkry. Hierdie tipe beheer het noodwendig ‘n negatiewe invloed op die kind se selfaktualisering en motivering.

2.4.2.5 Die demokratiese gesin

Hierdie ouers is demokraties maar tog is daar gesonde en normale reëls om die gesin se werkswyse te bepaal. Hulle oefen nie dwang af nie maar lei eerder die kind op sy weg na volwassewording. Daar ontstaan ‘n hegte en gesonde kommunikasie tussen die ouers en die kind. Die ouer is gebalanseerd in sy optrede en in die besluite wat hy neem. Die kind voel veilig en gebonde en word positief gemotiveer om die regte keuses uit te oefen.

Die kind word geleer om self besluite te neem deur sy aangeleerde norme en waardes toe te pas wanneer hy besluite neem. Die gesin het beslis ‘n groot uitwerking op die kind se motivering en op sy houding teenoor die skool. “Omgekeerd is motivering van die kind deur sy gesin ‘n onmisbare aansporing tot skoolprestasie. Die ouer wat neerhalend praat van die skool moedig eintlik die kind aan om sy pligte te verwaarloos met die wete dat die onderwysers vir sy mislukking geblameer sal word “(Pretorius, Le Roux, 1998:68).

2.4.3 Enkele ander gesinsfaktore

Die gesin se finansiële posisie kan ook ‘n invloed hê op die kind se verhoudings en sy motivering om te presteer. ‘n Gesin met ‘n hoër inkomste kan goeie opvoeding aan sy kind bied deur dinge te koop wat hom sal help in sy skolastiese uitkomste. “The most obvious indication of parental encouragement

of academic progress is seen when parents give piority to the provision of good facilities for quiet study and homework. This is a first essential, and a good test where the parents are financially able to make the provision" (Craft, 1970:82). Die leerder wat grootword in 'n hoër-inkomste-huisgesin het beslis voordele bo dié wat uit mindergegoede of arm huishoudings kom. Dink net aan gesonde kos, genoegsame klere en die nodige fasiliteite om huiswerk te kan doen.

Die sosiale status van die gesin kan ook 'n invloed hê op die leerder se motivering en sy opvoeding. Die gesinsopset beïnvloed die kind se beroepskeuses en -moontlikhede, wat ongetwyfeld 'n invloed op sy motivering het. Die kind kan dalk baie talentvol wees op sportgebied, maar geen of min steun van die ouerhuis af ervaar nie en gevolglik beïnvloed word om nie sport as loopbaan of aktiwiteit te kies nie. "We agree that numerous studies indicate that family socioeconomics status has a significant influence on various career development variables" (Whiston, Keller, 2004:613).

Wanneer daar in jou sosiale kring verwag word dat jy sal presteer, kan dit as motivering dien. Die kinders uit gesinne met 'n hoër sosiale en finansiële status is moontlik sterker gemotiveer en word aan meer hulpbronne blootgestel met die gevolg dat hulle beter presteer. "Families are critical in children's development and motivation. A variable often studied is socioeconomic status. Children from lower socioeconomic backgrounds tend to display lower achievement and motivation. Variables that may contribute to this result include fewer learning resources in home, poorer preparation for the school regimen, and inadequate understanding of the value of schooling" (Pintrich, Schunck, 2002:401).

2.5 Samelewing en kultuur

Die samelewing of die kultuur waarbinne die kind grootword, speel ook 'n baie belangrike rol by verhoudings en vlak van gemotiveerdheid van die kind. Dit is dus belangrik dat die kind in 'n veilige en gebonde samelewing grootword. Die samelewing oefen ook 'n groot invloed uit op die kind en op sy keuse ten opsigte van sportdeelname. "Community characteristics also exert a significant

influence on participation rates, with individuals living in smaller, more rural communities being more likely to participate in athletics than individuals in urban settings" (Videon, 2002:419).

Binne die samelewing bestaan daar baie positiewe faktore wat kan help met die kind se opvoeding en word die kind grootgemaak om aan sekere standaarde en vaardighede te voldoen. "In all societies the members must come to have strong sentiments about various ideas, purposes, and goals, the things we call values" (Shinn, 1972:9). Dink maar aan die vele beroepe wat vandag beoefen word, asook die moderne samelewing wat man en vrou gelyk stel in die beroepswêreld. Hierdie feit kan as motivering dien, veral vir dogters wat die beroepswêreld wil betree. Sekere kulture lê ook baie klem op die wenmotief en kompetisie. Dink maar aan ons eie land waar sportspanne moet wen en die leerder se naam op akademiese lyste moet verskyn. Eksamenuitslae word in koerante gepubliseer en die media word ingespan om die wenspanne aan te kondig. Erkenning in die media kan dus ook as motivering dien vir die leerder om te presteer. Daar is egter ook gemeenskappe wat hierdie wenmotief nie so slaafs navolg nie. "There are cultures in the world in which competition and individual achievement are not as highly valued as are cooperation and group achievement" (Pintrich, 2002:399).

Die samelewing waarbinne die kind grootword, het ook op maatskaplike terrein verander. Daar kan 'n paar maatskaplike faktore genoem word wat die kind se verhoudings met ander beïnvloed naamlik industrialisasie, tegnologiese ontwikkeling, die ekonomie, ensovoorts.

Industrialisasie het veroorsaak dat die mens van die platteland na die stede verskuif het, wat weer 'n kultuur op sy eie daargestel het. Ouers en kinders moes aanpas by hierdie nuwe tendens van mense wat in groepe saamwoon en funksioneer.

Tegnologiese ontwikkeling het veroorsaak dat kinders baie meer vindingryk moet wees en op 'n al hoe jonger ouderdom moes leer om by tegnologiese uitvindings aan te pas. In hierdie verband kan 'n mens maar dink aan die

geweldige ontwikkelings op die gebied van die elektronika en al die gevorderde gebruike van die persoonlike rekenaar wat kinders vroeg-vroeg al baasraak.

Ekonomiese welvaart het veroorsaak dat mededinging in die arbeidsmark al hoe sterker word en die kind word dus gemotiveer om beter te doen om sodoende ekonomies beter daaraan toe te wees. “There is a well known positive relationship between socio-economic status, as judged by father’s occupation, and intelligence test scores; but there is a significantly closer relationship between father’s occupation and success at school. This may express anything from the crude impact of gross material or economic handicap to imponderable cultural determinants of motivation” (Craft, 1970:39).

Die bevolkingsontploffing is ‘n verdere maatskaplike faktor wat al hoe meer druk op die hulpbronne van die wêreld plaas. Wanvoeding en ondervoeding in die Derdewêreldlande plaas druk op die kind se prestasies en motivering. Ander faktore soos voedseltekorte en behuisingstekorte, asook die vraag na behoorlike mediese dienste plaas ook druk op prestasie en motivering.

Massakommunikasie het veroorsaak dat die wêreld “klein” geraak het en dat almal ingelig is oor wat in die breër wêreld gebeur. Die negatiewe invloed van die media op motivering en prestasie kan egter ook nie onderskat word nie. “Bioskoop en televisie is passiewe en eensame vorms van vryetydsbesteding, wat kommunikasie met die werklike, lewende medemens laat verskraal. Dit is hoofsaaklik via die massakommunikasiemedia dat ongewenste en minder gewenste samelewingsinvloede met gewenste opvoedingsinvloede in stryd gebring word” (Pretorius, Le Roux, 1998:258).

2.6 Portuurgroep

Die portuurgroep is ongetwyfeld een van die grootste invloede op die kind, veral gedurende sy tienerjare. Dit is belangrik vir die kind om te weet hy word aanvaar deur sy maats. Verhoudings word byvoorbeeld geskep wanneer die jonger kind

deel is van die “bende”, en kameraadskap, geheimhouding, ensovoorts realiseer uit hierdie tipe verhoudings.

Aanvaarding deur die portuurgroep kan daartoe lei dat die kind sy ouerhuis se norme en waardes opsyskuif en saam met die groep beweeg. Ouers moet besef dat hulle die kind tydens hierdie stadium baie versigtig moet hanteer. Die kind worstel met baie vrae en vind antwoorde by sy portuurgroep. Hy is soekend en moet versigtig begelei word op sy weg na selfverwesenliking. “Peer acceptance is a powerful predictor of current as well as later psychological adjustment. Rejected children, especially, are unhappy, alienated, poorly achieving children with a low sense of self-esteem. Both teacher and parents view them as having a wide range of emotional and social problems” (Berk, 1997:587).

Elke kind wil aanvaar word, maar hierdie aanvaarding kan lei tot komplekse sosiale vraagstukke. Die ouer moet probeer om die kind op so ‘n wyse te begelei dat hy met maats sosialiseer wat dieselfde waardes en norme as die gesin onderskryf. Dit is belangrik vir die kind se ontwikkeling om aanvaar te word deur sy medeleerders. Die ouer moet met groot wysheid en oordeelkundigheid optree wanneer daar gepraat word oor die kind se maats en die tipe maats waarmee die kind mag assosieer. Indien die kind partykeer sy maats bo die ouers kies, kan daar groot konflik in die huisgesin ontstaan wat glad nie bevorderlik vir die opvoedingsituasie is nie. Hierdie portuurgroepverhouding wat die kind met sy maats vorm, beïnvloed ongetwyfeld sy motivering en prestasies.

2.7 Die skool

Opvoeding en onderwys loop hand aan hand – die een kan nie van die ander geskei word nie. In hierdie stuk word die ouerhuis nog as die primêre opvoedingsinstelling beskou, maar daar word ook erken dat die skool baie van die ouerhuis se verantwoordelikhede en take oorgeneem het. Omdat die ouerhuis die primêre opvoedingsinstelling is en die skool die sekondêre instelling, loop hierdie twee baie na aan mekaar. Die skool en die ouerhuis kan nie sonder mekaar funksioneer nie en is interafhanklik van mekaar. Die gesin as

primêre opvoedingsinstelling kan hierdie belangrike opvoedingstaak nie meer alleen behartig nie, en gevolglik is die skool as opvoedingsinstelling uiters belangrik in die opvoeding van die kind.

Die onderwyser is die aanvullende ouer, want in baie gevalle bestee die kind meer tyd by die skool as by die huis. Hierdie feit maak dit al hoe meer noodsaaklik dat die skool en onderwyser dieselfde doelwitte vir die kind nastreef. Die motivering wat deur die skool en onderwysers daargestel word, werk op die kind in en rig sy ontwikkeling. Onderwysers het ‘n belangrike taak wat betref die opvoeding van die kind in sy geheel en op weg na volwassenheid. Die kind moet nie net kognitief opgevoed word nie, maar in sy totaliteit as mens. Onderwysers moet die kind se potensiaal raaksien en hom sodoende motiveer om ten volle te ontwikkel. “The role of the teacher is to facilitate the realisation of individual potential, which will contribute to the realisation of the potential of society as a whole” (Educational Forum, 2001:36). Elke kind het potensiaal en moet net gemotiveer word om ‘n beter leerder en uiteindelik landsburger te wees. Namate die kind deur die skool vorder en sy volwasse jare nader, word daar meer en meer klem gelê op sy akademiese keuses en toekomsplanne.

Die skool help die kind om gesonde verhoudings te bou, met ander te kommunikeer en sodoende sy karakter te ontwikkel. Pretorius (1998) beklemtoon die belangrikheid van die skool met die volgende opmerking: “Die skool het trouens as gespesialiseerde aanvullende instelling spesifiek vir hierdie doel ontstaan toe die gesin nie meer sonder hulp die kind se sosialisering kon behartig nie.“ Die skool is egter ‘n komplekse instelling en verskeie faktore in die skool kan ook die ontwikkeling, verhoudingsvorming en motivering van die kind beïnvloed. Die getal leerders in die klas bepaal byvoorbeeld die hoeveelheid aandag wat aan elke kind bestee kan word. Hoe groter die klas, hoe moeliker is dit vir die onderwyser om genoeg tyd vir elke kind te maak.

Die opvoedingsfilosofie van die skool en die gemeenskap, byvoorbeeld ‘n oopklasbenadering of ‘n streng gedissiplineerde klassituasie beïnvloed ook elke kind se ontwikkeling. In sy interaksie met die kind moet die onderwyser ten volle betrokke wees by die kind en sy ontwikkeling. Motivering kom van die

onderwyser af en sy invloed op die kind is onbetwisbaar. “The teacher who has the interest of both the child and society at heart will direct the child towards acceptable adult behaviour in terms of his cognitive, affective and normative abilities” (Pitout, Smith, 1993:52).

2.8 Sport

Die volgende terrein waar die kind leer om verhoudings te vorm en van kameraadskap, motivering en gesonde mededinging leer, is op sportgebied. In die moderne samelewing is sportdeelname baie belangrik en die media bring sport na baie huisgesinne wat daarin belangstel. Oefening help ook die kind om op verskeie lewensterreine te ontwikkel. “An appropriate level of fitness for an individual can lead to more confident outlook, greater emotional stability, and better mental health. It may be that physical vitality leads to increased intellectual vitality. Certainly, teachers have found that children with improved physical conditions are more alert and, hence, more receptive to the educational process” (Dauer, Pangrazi, 1979:1).

Die media se beklemtoning van die wenmotief en die verskeidenheid sportkanale op televisie kan ‘n groot invloed op die kind se denkwyse oor sport hê, asook op sy besluit om sport as ‘n beroep te kies. Dit is belangrik dat die kind aan fisiese oefening deelneem sodat hy fisies kan ontwikkel en gesond kan bly. “Game activities can be utilized as a vehicle to develop skills. This may include game activities with an adult, but also within their peer group. Game activities not only facilitate inclusive education, but also the overall social, cognitive development of the child” (Engelbrecht, Green, 2001:67).

Sport skep verhoudings tussen leerders, onderwyser, ouers en afrigters. Hierdie verhoudings help met die kind se motivering en die prestasies wat hy behaal, het ‘n invloed op sy leefwêreld en sy persoonlike ontwikkeling.

2.9 Media

Die media speel deesdae ‘n ontsettende belangrike rol in die kind se ontwikkeling en sy relasievorming, en vanweë die potensieel negatiewe effek van afbrekende programme is dit noodsaaklik dat ouers weet wat hulle kinders kyk en lees. Die televisie, koerante, radio en ander media se oordrag van sport is byna uitsluitlik positief en veroorsaak dus dat die kind sport as ‘n moontlike beroep sien en sodoende gemotiveer word om harder te oefen. Die televisie kan byvoorbeeld die kind verder motiveer om goed te doen op skool deur die groot hoeveelheid programme wat studiehulp aanbied en getroue skoolwerk aanmoedig. “However television can support cognitive development as long as children’s viewing is not excessive and programs are specially designed to take into account their development needs” (Berk, 1997:604).

2.10 Verhoudingversteurings

Dit is baie moeilik om ‘n kind korrek op te voed en tot selfaktualisering te bring in vandag se wêreld met al sy invloede en voortdurende veranderings. Die kind se verhouding word dus beïnvloed deur verskeie versteurings wat op hom inwerk. Hierdie versteurings veroorsaak dat die kind nie ten volle kan ontwikkel en suksesvolle verhoudings kan vorm nie. Versteurings ten opsigte van sy fisiologiese en affiliasiebehoeftes affekteer ook die kind se selfmotivering en sy motivering deur ander partye.

2.10.1 Fisiologiese behoeftes

Die kind moet ‘n sekere vlak van fisiologiese ontwikkeling bereik om tot sy volle potensiaal te kom. Dinge soos die regte oefening en die regte dieet beïnvloed die kind en kinders wat ondervoed is, ontwikkel nie kognitief so vinnig soos gesonde kinders nie. Kinders wat ondervoed is en uit ‘n laer inkomstegroep kom, kan pedagogies gestrem wees en het ook baie keer leerprobleme. Hierdie kinders sukkel gewoonlik op skool en om gemotiveer te word. “When families become so low in income that they slip into proverty, then effective parenting and children’s development are seriously threatened” (Berk, 1997:549).

2.10.2 Affiliasiebehoeftes

Indien die kind nie in ‘n omgewing grootword waar hy affiliasies kan vorm nie, kan dit negatief inwerk op sy relasievorming. Die kind moet voel hy is deel van ‘n groep of span sodat hy ten volle kan ontwikkel. Hierdie affiliasie is besonder sterk in ‘n gesonde gesinsopset. Daar is verskeie faktore wat inwerk op die kind se motiveringsvlak, hetsy akademies of op sportgebied – veral faktore rondom die gesin en sy portuurgroep.

Vervolgens word ‘n paar motiveringsteurings bespreek.

2.11 Motiveringsteurings

2.11.1 Verwaarlosing

Verwaarlosing en die ly van gebrek ten opsigte van materiële behoeftes het ‘n invloed op die meeste mense se prestasie en motivering. In die gesin waar daar finansiële nood is, is dit moeilik om kinders op te voed en groot te maak. Die negatiewe omstandighede affekteer die kind tuis sowel as by die skool. Natuurlik ondervind nie alle kinders uit hierdie tipe gesinne sulke probleme nie, maar daar is ‘n groter geneigheid tot hierdie probleme in die huis, klas en by die skool. Volgens Pretorius (1998:388) is verwaarloosde kinders rusteloos en eiewillig. Al het hulle toegang tot goeie intellektuele moontlikhede, is die kind nie gedissiplineerd genoeg om te konsentreer of om selfgemotiveerd te wees en dus bevredigende akademiese prestasie te lewer nie.

2.11.2 Verwenning

Verwenning is niks anders as bederf tot in die afgrond in nie. Hierdie kinders is so gewoond om alles op ‘n skinkbord te ontvang, dat hulle self min of geen inspanning wil maak om êrens te kom nie. Die ouers gee maklik toe en wil nie teen die kind optree as hy verkeerd gedoen het nie. Die kind weet nie wat motivering is nie en word sodoende egosentries. Dis egter nie net die ouers wat die probleem kan veroorsaak nie – die onderwyser moet ook op sy hoede wees

sodat hierdie verwenning nie in die klas kan ontstaan nie. Die kind het gevolglik ‘n probleem op skool met dissipline en presteer nie goed nie (Pretorius, Le Roux, 1998:388).

2.11.3 Verharding

Verharding is die teenoorgestelde van verwenning en volg wanneer die ouer die kind met harde en strenge dissipline wil grootmaak. Die kind mag nie emosie wys nie en word geleer dat ’n mens met alle mag en mening bo in die wêreld moet uitkom. Straf staan sentraal in hierdie opvoeding en kan negatief op die kind inwerk.

“Wanneer die verhardende opgevoede kind die adolessentfase betree, vertoon hulle dikwels ‘n geneigheid tot dominansie en baasspelerigheid binne portuurgroepverhoudinge, in reaksie op die verknegtinge in verhouding tot die ouer. Voorts kom hulle dikwels uiters negatief en uitdagend voor en rebelleer geredelik teen alle gesagsvorme” (Pretorius, Le Roux, 1997:390).

2.11.4 Oorbeskerming

In hierdie geval neem die ouer al die besluite en die kind kan nie vir homself dink nie. Die ouer plaas die kind in ‘n glaskas en verhoed dat die kind tot selfaktualisering kom. Hierdie ouers maak die fout om te dink dat hulle die kind help, maar wat die kind in der waarheid nodig het, is om blootgestel te word aan probleme sodat hy toenemend tot selfstandigheid kan groei. “Oorbeskermde kinders vind dit moeilik om te sosaliseer en met sy eie portuurgroep te realiseer. ” (Pretorius, Le Roux, 1997:390).

2.12 Samevatting

Indien ons bogenoemde faktore in ag neem, is daar letterlik duisende faktore wat opvoeding en skolastiese uitkomste beïnvloed. Hierdie faktore dra by tot verhoudings in die lewe van die kind, wat weer ‘n invloed op sy prestasie en motivering het.

HOOFSTUK 3

Navorsingsontwerp

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die redes gegee vir die besluit om kwantitatiewe navorsing te gebruik en ‘n verduideliking van hoe die vraelyste saamgestel is. Die skole wat gekies is en die manier waarop die navorser by die steekproef uitgekom het, word ook in hierdie hoofstuk aangespreek.

3.2 Die doel van die ondersoek

Die doel van die navorsing was om op ‘n empiriese wyse te bepaal of daar enige korrelasie bestaan tussen hoërskoolleerders se sportprestasies en hul akademiese prestasies. Om hierdie doel te bereik, is daar ‘n vraelys uitgegee aan geïdentifiseerde leerders wat op sportgebied presteer. In die vraelys was daar ook vrae oor hoe hierdie leerders hulle tyd bestuur, asook vrae oor hul motivering en ander skolastiese uitkomste. Die houding van die leerders jeens sekere motiveringsfaktore is verder ondersoek en die leerders moes aandui watter faktore die grootste invloed op hul akademie en sport uitoefen.

3.3 Navorsingontwerp

3.3.1 Inleiding

‘n Empiriese ondersoek is onderneem om vas stel of daar ‘n korrelasie bestaan tussen leerders wat goed presteer in sport en ook in hul akademiese vakke op skool. Die navorsing was kwantitatief van aard en daar is grootliks gebruik gemaak van vraelyste. Die vraelyste is deur ‘n hele aantal leerders ingevul, waarna die data verwerk is. “Quantitative research methods are techniques involving relatively large numbers of respondents designed to generate information that can be projected to the whole population” (Polonsky, Waller, 2005:112).

Daar is twee tipes data-insameling en -verwerking, naamlik die kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes, en die navorser moet besluit watter een van die metodes hy gaan gebruik (of dalk ‘n kombinasie van die twee). In die onderhawige geval is besluit op die kwantitatiewe metode, aangesien die navorser wou bepaal hoe groot die motiveringsfaktore by ‘n groot aantal leerders is. Diepte-ondersoek deur middel van onderhoude sou nie geskik wees nie, aangesien dit te tydrowend sou wees om met so ‘n groot aantal leerders onderhoude te voer. Die doel van die navorsing was nie om die vlak van motivering (sterk of swak) deur byvoorbeeld die ouers te bepaal nie, maar eerder om vas te stel of ouers wel ‘n motiverende faktor tot leerders se prestasie en deelname is. “Quantitive methods are used when complexity of a problem is such that a sound solution cannot easily be reached by means of ordinary reasoning” (Vithal, Jansen, 2001:15).

Aangesien die hipotese ‘n universele vraag is, kan die steekproef uit enige deel van die gemeenskap geneem word. Dit was nie prakties om alle skole te betrek nie en daarom het die navorser besluit om net skole in Rustenburg (Noordwes) by die steekproef in te sluit. Hierdie bepaalde streek is gekies omdat die navorser met die skole daarin bekend is. Omdat hierdie navorsing verder van beperkte omvang is, is daar uiteindelik op twee skole besluit.

‘n Literatuurstudie is ook vooraf onderneem om die huidige tendense op die betrokke gebied na te vors. Literatuurstudie is van kardinale belang vir die navorsing en inligting is uit verskeie primêre asook die sekondêre bronne verkry. “By literature search is meant a systematic and thorough search of all types of published literature in order to identify as many items as possible that are relevant to a particular topic” (Gash, 2000:10). Die literatuurstudie het heelwat agtergrondinligting opgelewer in verband met die hipotese, naamlik die verband tussen sport en die akademiese prestasies van die leerder wat in sport presteer.

Die deduktiewe beredeneringswyse word gebruik waar geredeneer word van die algemene na die besondere. Die navorser begin met ‘n teorie, daarna word data ingesamel en die teorie word aanvaar of verwerp nadat die data verwerk is. Omdat deduktiewe logika van die algemene na die besondere redeneer, is kwantitatiewe navorsing hier gebruik.

Tydens hierdie tipe navorsing bly die navorser op die agtergrond en raak nie betrokke by die gebeurtenis nie. Data word ingesamel en verwerk. Tydens die navorsing is daar duidelike geformuleerde hipoteses gestel, en die navorser het homself losgemaak van die steekproef wat nagevors word.

3.3.2 Die populasie

Aangesien duisende skole in Suid-Afrika aan die vereistes van die ondersoekgroep voldoen, het die navorser die populasie verminder na vyf voormalige model C-skole in die Rustenburggebied van die Noordwes Provinsie. Daar is spesifiek besluit op hierdie populasie omdat die betrokke skole almal bewese goeie sport- sowel as akademiese uitslae het.

3.3.3 Die steekproef

Omdat die navorser die korrelasie wou toets tussen leerders wat in sport presteer en hul skolastiese uitkomste, moes die steekproef noodwendig bestaan uit leerders wat op sportgebied presteer. Daar is besluit om leerders in die senior grade te gebruik, naamlik in graad 10, 11 en 12, en elk van hierdie leerders moes in die skool se eerste spanne of 0/16 A-spanne speel. Vir die doel van die navorsing is prestasie gedefinieer as “verkiesing as lid van die eerste spanne, die onder sestien A-spanne en die interhoërspan”. Die verskillende sportsoorte wat betrek is, word hier onder gelys in Tabel 3.1.

Tabel 3.1 - Verskillende sportsoorte wat betrek is

Sportsoort	**Eerste Span**	**Onder 16 A-Span**
Rugby	Ja	Ja
Krieket	Ja	Ja
Atletiek	Ja	Ja
Netbal	Ja	Ja
Hokkie	Ja	Ja
Tennis	Ja	Ja
Landloop	Ja	Ja

3.3.3.1 Metode van steekproefneming

Omdat ‘n groot steekproef nie nodig was nie, het die navorser twee skole ewekansig uit die populasie van vyf skole getrek. Die skole is volgens die ewekansige steekproeftrekkingsmetode gekies. Elke skool het ‘n nommer gekry en twee skole is uit ‘n tabel van kansgetalle getrek.

3.3.3.2 Hoeveelheid vraelyste

Nadat die twee skole bepaal is, het die navorser die hoeveelheid vraelyste bepaal deur die aantal spelers te bepaal in die sportsoorte soos genoem in tabel 3.1. Die finale getal vraelyste was die somtotaal van die leerders wat volgens die getalle per span (bv. 15 vir ‘n rugbyspan) beskikbaar kon wees. Die rede hiervoor is omdat daar wel leerders is wat aan meer as een sport deelneem. Byvoorbeeld, daar is atlete wat rugby speel en tennisspelers wat hokkie speel, ens.

3.3.4 Die vraelys

3.3.4.1 Inleiding

Die leerders moes inligting verskaf oor hul huishoudings, skolastiese uitkomste, motiveringsaspekte en tydsbesteding. Vrae het verband gehou met die leerder se skolastiese uitkomste en sy sportprestasies, asook met motivering en dit wat die leerders motiveer om aan sport of aan ander skolastiese aktiwiteite deel te neem. Die leerders moes verder inligting verskaf oor verskeie aspekte van al hulle leefgewoontes, soos die hoeveelheid tyd wat hulle aan sport en akademie onderskeidelik bestee.

Die vraelys het uit ‘n beperkte aantal vrae bestaan en is so eenvoudig as moontlik gestel sodat leerders die vrae eerlik en openhartig kon antwoord. Inligting is van personeel by die betrokke skole verkry oor die leerders se punte en ander skolastiese aktiwiteite. Die volgende is die tipe vrae wat gestel is in die vraelys:

Wat is jou akademiese prestasies?
Hoeveel tyd spandeer jy aan sport?
Wat motiveer jou om sport te doen?
Wat motiveer jou om akademies te presteer?

Die vrae wat in die vraelys ingesluit is, moes wetenskaplik verantwoordbaar wees. “In presenting your work you are making all these validity claims about your new knowledge and about the processes that have led to this new knowledge” (McNiff, Lomax, Whitehead, 1996:135). ‘n Voortoets is met die vraelys uitgevoer om die geldigheid en betroubaarheid van die vrae te bepaal. “Pilot the questionnaire. Try it out on a few people and invite their critique. Analyze the response to see if it is giving you the kind of data you want” (McNiff, Lomax, Whitehead, 1996:123). Nadat die vraelys opgestel is, is dit ingevul deur 10 leerders van ‘n ander skool wat nie in die steekproef betrek is nie. Die leerders is gevra of hulle die vrae verstaan en of hulle dit kon invul. “Then you will need to ensure you produce a well designed questionnaire that will give you information you need, that will be acceptable to your subjects and that will give you no problems at analysis and interpretation stage” (Bell, 1993:75).

Daar was wel ‘n paar vrae wat gewysig moes word en die navorser het die vrae verander sodat dit beter verstaanbaar is. Dit was ook belangrik dat die toetsing van die vraelys deur 'n ander skool se leerders gedoen word, sodat die vrae nie reeds vroeër in omloop was by die skole wat wel deel van die steekproef uitgemaak het nie.

3.3.4.2 Motivering om vraelys te gebruik

Die vraelys is as navorsingsmetode gebruik om die inligting van die leerders te verkry, aangesien dit die mees geskikte en praktiese manier was om die data in te samel. Die navorser het elke skool besoek en die leerders wat in die betrokke eerste spanne gespeel het, versoek om die vraelys in te vul.

Volgens Tuckman (1994:216-256) kan die voordele en nadele van vraelyste soos volg opgesom word:

Voordele –

- ‘n Groot groep mense kan op een slag bereik word.
- Dit is baie goedkoper om vraelyste te gebruik as om onderhoude te voer, omdat meer as een persoon die vraelys gelyktydig kan invul.
- ‘n Vraelys is betroubaar as dit reg opgestel word.
- Baie inligting kan in ‘n betreklike kort tydjie deur die persone in die steekproef ingevul word.
- Vrae is direk en het spesifieke antwoorde.

Nadele –

- Die leerders wat die vraelyste invul, kan dit manipuleer om beter te lyk.
- Geldigheid en betroubaarheid van die vrae is moeilik bepaalbaar.
- Indien die vraelyste te lank is, kan die antwoorde ingevul word net om klaar te kry.
- Vraelyste moet wetenskaplik opgestel word en dit kan baie tyd in beslag neem.
- Al die vrae moet vooraf bepaal word en daar moenie op sekere aspekte uitgebrei word nie.

Ten spyte van bogenoemde nadele het die navorser nogtans besluit om vraelyste te gebruik en moeite is gedoen om seker te maak dat die geldigheid en betroubaarheid so goed as moontlik aangespreek is. Met die opstel van die vraelys is die navorser gehelp deur die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria.

3.3.4.3 Toestemming van skool en werkswyse ten opsigte van data-insameling

Toestemming is vooraf by beide skole verkry sodat leerders hierdie vraelyste kon voltooi, en dit was belangrik dat die skool en personeel positief en ingelig moes wees oor die vraelys en wat die navorsing wou poog om te bereik. Die

leerders is ook behoorlik ingelig om hulle te motiveer om eerlike antwoorde te verskaf.

Dit was belangrik vir die onderwysers en leerders om te besef dat hierdie navorsing nooit teen hulle gebruik sou word nie. Die navorser het onderneem om alle inligting vertroulik te hanteer en glad nie die skole se name te noem nie omdat beide skole op dieselfde dorp geleë was. Ten einde dus enige twis of onenigheid te vermy wanneer die resultate gepubliseer sou word, het die navorser bloot verwys na skool 1 en skool 2.

Wanneer dit kom by die vergelyking van skole se akademiese resultate en sportprestasies is dit altyd ‘n sensitiewe en emosionele saak. “It is your responsibility to consider whether any type of harm could occur when planning your research. It is therefore essential to protect yourself, your supervisors, and your institution from being placed in situations in which individuals could make claims of inappropriate behavior, resulting in public criticism” (Polonsky, Waller, 2005:53).

Die navorser het met die hoofde van die twee skole gereël en hulle het die betrokke leerders soos in tabel 3.1 genoem na die skool se saal geroep. Die navorser het kortliks aan hulle verduidelik wat die navorsing behels en hulle versoek om die vraelys so noukeurig as moontlik in te vul. Die navorser was deurgaans beskikbaar vir vrae indien die leerders die vraelys nie verstaan het nie. Daar was egter min probleme, waaruit die navorser kon aflei dat die vraelys verstaanbaar was. Dit is belangrik om daarop te let dat invul van die vraelys heeltemal vrywillig was en dat die leerders wel die keuse gehad het om te weier om deel te neem. ”You should remember that participants are assisting you, and they should be invited to participate, with a clear understanding that they are under no obligation” (Polonsky, Waller, 2005:53).

Die vraelyste is ingeneem en die leerders is bedank vir hulle tyd en moeite. Al die vraelyste wat tydens die twee sessies uitgedeel is, is weer teruggekry. By skool 1 was daar 116 en by skool 2 was 101 leerders wat die vraelys voltooi het.

3.3.4.4 Finale insameling van data

Nadat die vraelyste ingeneem en vir betroubaarheid deurgegaan is, is data oor die leerders se akademiese punte by die skool verkry. Die standerd se gemiddeld is ook verkry sodat daardie korrelasie bepaal kon word.

3.3.5 Betroubaarheid en geldigheid

3.3.5.1 Betroubaarheid

Volgens De Vos (2002:168) verwys "[r]eliability ... in general to the extent to which independent administration of the same instrument consistently yields the same results under comparable conditions". Om seker te maak dat die data wat ingesamel word, betroubaar is, is nie so 'n maklike taak nie. Die navorser moes seker maak dat die vraelyste betroubaar is en dat die persone wat die lyste ingevul het, wel betroubare data verskaf. Die vraelyste is vrywillig ingevul terwyl die navorser fisies beskikbaar was om vrae te beantwoord indien daar enige onduidelikheid oor die vrae sou wees. Hoewel sy teenwoordigheid moontlik die respondente tydens die voltooiing van die vraelyste kon beïnvloed, was die vrae nie sensitief van aard nie en het dit nie kontroversiële sake aangespreek nie – dus kon sy teenwoordigheid waarskynlik eerder gereken word as bydraend tot die betroubaarheid van die data.

Daar is sorg gedra dat die leerders gemaklik en rustig is wanneer hulle die vraelyste invul, sodat die data so betroubaar as moontlik kon wees.

3.3.5.2 Geldigheid

Geldigheid behels die volgende: Is die inligting wat ingesamel is akkuraat en 'n ware refleksie van die werklikheid? Pogings om geldigheid te verseker is wanneer die navorser wil seker maak dat die data wat ingesamel is, wel gebruik kan word. "Reliability evaluates the degree of random error associated with a measure" (O'Sullivan, Rassel, Berner, 2003:107).

Die twee skole se ingevulde vraelyste is met mekaar vergelyk om te sien of die leerders wel die vraelys eenders geinterpreteer het. Sodoende kon die geldigheid daarvan bevestig word.

Verder is die geldigheid van die vraelys vooraf getoets met die groep leerders wat die loodsvraelys gedoen het. Die vraelys is ook deur die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria goedgekeur.

HOOFSTUK 4

Grafieke en statistiek

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk verskyn die resultate van die vraelys wat die navorser aan die twee skole uitgedeel het. Die vraelys het gegaan oor die sportleerder se sport- en akademiese prestasies, asook oor die ouers se betrokkenheid en motiveringsfaktore wat die kind beïnvloed en motiveer om te presteer.

Die grafieke en data sal so gerangskik word dat die eenhede wat met mekaar te doen het, saamgevoeg sal word. So sal ouerbetrokkenheid by beide skole byvoorbeeld saam hanteer word. Dit was nie die navorser se voorneme om skole met mekaar te vergelyk nie, maar ter wille van die studie was dit noodsaaklik om konsepte met mekaar te vergelyk. In sekere gevalle word daar dus vergelykenderwys na die skole verwys.

4.2 Populasie en steekproef

Populasie:	Skool 1:	Seuns	223	Dogters	225
	Skool 2:	Seuns	319	Dogters	392
Steekproefgetalle:	Skool 1:	Seuns	67	Dogters	49
	Skool 2:	Seuns	62	Dogters	39

Figure 4.1.1 en 4.1.2 toon die populasies wat onderskeidelik in skool 1 en skool 2 aan die navorsing deelgeneem het. Aangesien slegs die graad 10, 11 en 12 leerders van die skole by die ondersoek betrek is, is die steekproef uit hierdie populasie geneem.

Soos reeds gemeld, is twee skole gekies omdat die navorsing van beperkte aard is. Beide skole wat by die steekproef betrek is, spog met ‘n goeie akademiese en sportrekord.



Figuur 4.1.1



Figuur 4.1.2

Uit die populasiegrafieke kan gesien word dat skool 2 aansienlik groter as skool 1 is. Verder is skool 2 se getal dogters per graad aansienlik meer as die

seuns, terwyl daar by skool 1 nie ‘n beduidende getalverskil tussen die geslagte is nie.

Die leerders wat by die steekproef ingesluit is, is diegene wat òf in een van die 0/16 A-spanne òf in een van die eerste spanne van die skool deelneem (bv. die 0/16A en eerste rugbyspan, of die eerste en 0/16A netbalspan).



Figuur 4.2.1

Die rede waarom die seuns meer is as die dogters is dat ek krieket as sport gekies het en die skool se dogters speel nog nie krieket nie.



Fig 4.2.2

Al die vraelyste wat uitgedeel is, is ingevul en terugontvang. Dit was 'n groot pluspunt ten opsigte van die geldigheid van die navorsing.

Indien die populasie en die steekproefgetalle ontleed word, is dit baie interessant dat die steekproefgetalle (leerders wat in A-spanne of eerste spanne is) vir beide skole baie dieselfde is ten spyte van die feit dat skool 2 aansienlik meer leerders in Graad 10 tot 12 as die ander skool het. Hieruit kan afgelei word dat die aantal leerders wat aan A-span en eerste-span sport deelneem, nie noodwendig meer word namate die skool se getalle toeneem nie.

Die getal leerders wat die vraelys moes invul, is nie noodwendig dieselfde in beide skole nie, omdat daar leerders is wat aan meer as een sportsoort op eerstespanvlak deelneem, byvoorbeeld in die eerste rugby-, tennis- en krieketspan.

4.3 Akademiese prestasies van die sportleerders

Die leerders se gemiddeld is verkry van die skool en word aangedui in die volgende grafieke. Hierdie gemiddeld is bereken op grond van die eksamenpunte van dieselfde kwartaal vir beide skole en grade om sodoende eenvormigheid te verseker.



Fig 4.3

Uit hierdie grafiek kan daar duidelik gesien word dat die sport leerders wel beter presteer as die leerders wat nie in hierdie bepaalde spanne speel nie.



Fig 4.4

Die bostaande grafieke dui die verskil in gemiddeld aan tussen die leerders wat aan sport in die A-span en 1e-span deelneem en dié wat nie in hierdie groep val nie, dit wil sê die res van die leerders.

Die A-span en 1e-span leerders se akademiese prestasie is beter as dié van die leerders wat op hierdie vlak in sportspanne speel nie. Die verskil tussen die gemiddeldes wissel van 0,61% beter vir sportleerders by die graad 10 seuns van skool 1, tot 7,39% beter by die graad 10 dogters van skool 1.

Die verskil tussen die gemiddeldes by skool 2 wissel van 4,95% beter vir sportleerders by die graad 10 seuns tot 14,53% beter by die graad 11 seuns. Hierdie hoër gemiddeld van die sportleerders is by al die kombinasies in die steekproef merkbaar. Daar is nie een kombinasie waar die sportleerders nie beter presteer as die leerders wat nie aan die steekproef deelgeneem het nie.

Die dogters presteer akademies beter as die seuns. In skool 1 se graad 10-groep vaar die dogters 11,01% beter en by skool 2 se graad 12-groep doen die dogters 13,57% beter as seuns wat in eerste en A-spanne speel.

4.4 Tyd spandeer aan sport

Die volgende grafieke dui aan hoe die leerdere hulle tyd aan sport spandeer. Die leerders is gevra om aan te dui hoeveel uur hulle aan hul bepaalde sport bestee- met ander woorde die hoeveelheid tyd in beslag geneem word deur oefeninge, wedstryde en ander spanaktiwiteite.

SKOOL 1



Fig 4.5



Fig 4.6



Fig 4.7



Fig 4.8

Die atlete spandeer meer tyd aan hulle sport as die die leerdere wat tennis speel. Beide skole se atletiek uitslae is goed en daar is ‘n duidelike korrelasie tussen hulle prestasie en die tyd wat atelete aan atletiek spandeer.



Fig. 4.6

Fig 4.9



Fig 4.10



Fig 4.11

SKOOL 2



Fig 4.12

Die meeste rugby spelers spandeer meer as 4 ure per week aan rugby en 43% spandeer meer as 8 ure per week aan rugby.



Fig 4.13



Fig 4.14

Hierdie skool se atlete spandeer meer tyd aan atletiek as skool 1.



Fig 4.15

Net soos in skool 1 spandeer die meeste landloop atlete meer as 8 ure per week aan hulle sport.



Fig 4.16



Fig 4.17

Die meeste van die netbalspelers oefen tussen 4 en 8 ure per week en 30% spandeer meer as 8 ure per week aan netbal.



Fig 4.18

Uit bostaande grafieke kan die afleiding gemaak word dat die meeste leerders tussen 4 en 8 ure per week aan hul sport afstaan.
Beide skole se sportleerders bestee baie tyd per week aan sport en uit die grafieke kan gesien word dat ‘n groot persentasie atletiek- en landloopatlete selfs meer as 8 ure per week aan hul sport bestee.

By skool 1 bestee 45% van die krieketspelers meer as 8 ure per week aan krieket, teenoor spelers by skool 2 se 30%. By skool 2 bestee 42% van die rugbyspelers meer as 8 ure per week aan rugby, teenoor 30% by skool 1.

4.5 Tyd spandeer aan akademie

Die volgende stel grafieke toon die tyd wat die sportleerders aan akademie bestee – amptelike skoolure uitgeslote. Elke leerder moes op sy vraelys aandui hoeveel tyd hy aan skoolwerk bestee, asook aan huiswerk, toetse of eksamens.

SKOOL 1



Fig 4.19

Uit bostaande grafiek kan afgelei word dat hierdie rugbyspelers nie baie lief vir hul akademiese werk is nie. Byna 47% bestee minder as 2 ure per week aan skoolwerk. Verder het geen rugbyspeler aangedui dat hy meer as 8 ure aan akademie bestee nie. Miskien is dit die geval omdat hulle so baie tyd aan rugbyoefeninge bestee.

Akademiese motivering is hier nie so groot soos die motivering om rugby te speel nie. Die vehoudings met sy medespelers is baie hoog en die feit dat beroepssport `n groot faktor word veroorsaak dat die speler gemotveer word om te presteer en sodoende harder te oefen en meer tyd aan rugby te spandeer.



Fig 4.20

Die atlete bestee meer tyd aan akademiese werk as wat rugby- en krieketspelers doen. Daar is ook 12% wat selfs meer as 8 ure per week aan hulle akademie bestee.



Fig 4.21



Fig 4.22

Die netbalspeelsters spandeer meer tyd aan hulle akademie as aan hulle sport soos gesien word uit Fig 4.17 en Fig 4.23



Fig 4.23



Fig 4.24

SKOOL 2



FIG 4.25

In skool 2 spandeer die rugbyspelers meer tyd aan hulle akademie as in Skool 1. In skool 2 spandeer meer as 50% rugbyspelers 4 ure per week aan akademie en daar is ook rugbyspelers wat meer as 8 ure spandeer aan ademie.



Fig 4.26

Uit hierdie grafiek blyk dit dat 64% van die krieketspelers spandeer tussen 2 en 4 ure per week aan hulle akademie.



Fig 4.27

48% van die atlete spandeer tussen 2 en 4 ure aan akademie en 25% tussen 4 en 8 ure per week.



Fig 4.28

Dit is baie interresant dat al spandeer die landloop atlete die meeste ure aan sport as enige ander sport hulle relatief baie tyd spandeer aan hulle akademie.



Fig 4.29



Fig 4.30

Uit bostaande grafieke kan duidelik afgelei word wat die sportleerders se akademiese gewoontes is. Die tendense per sport is byna dieselfde by beide skole. Die grafieke illustreer dat 77% van die rugbyspelers omtrent geen tyd voor hulle boeke deurbring nie. By skool 1 doen 42% van die rugbyspelers tussen 0 en 2 ure per week akademiese werk. By skool 2 is hierdie syfer 25%. Meer as 85% van die rugbyspelers by skool 1 bestee minder as 4 ure per week aan skoolwerk, teenoor 76% van skool 2 se rugbyspelers. Dieselfde tendens is by die krieketspelers te bespeur.

Meer as 35% en 32% van die atlete bestee meer as 4 uur per week aan hul skoolwerk by skool 1 en 2 onderskeidelik. Meer as 65% van die netbalspeelsters by skool 1 bestee meer as 4 ure aan akademie, teenoor 44% by skool 2. Soos reeds genoem, is dit die landloopatelete wat ook verbasend baie tyd aan hulle akademie bestee.

4.6 Huishouding status

Die volgende grafieke gaan oor die status van leerders se huishouding. Hulle is gevra om aan te dui hoe hul gesin saamgestel is. Die rede vir hierdie vraag was om te sien of huishoudingstatus wel `n rol speel in die prestasie en motivering van die leerders wat aan sport in 1e-spanne en 0/16A-spanne deelneem.



Fig 4.31

Uit bostaande grafiek blyk dit duidelik dat `n hoë persentasie van die sport leerders se ouers nog getroud is met hulle eerste huweliksmaats.



Fig 4.32

Die ouerhuis en ouers se verhouding met die leerders beïnvloed wel die kinders se prestasie en motivering. In skool 1 is 82,76% van die ouers nog getroud en hierdie gesonde gesinsverhouding motiveer die leerders om te presteer. In hierdie huishoudings is daar ook minder ontwrigting en die kind word blootgestel aan gesonde verhoudings.

4.7 Ouerbetrokkenheid

Die volgende grafieke toon die ouerbetrokkenheid van ouers teenoor hul kinders wat aan sport deelneem. Dit is belangrik dat die ouers wel betrokke is. sodat die leerders ten volle kan ontwikkel en presteer.



Fig 4.33



Fig 4.34

Soos gesien kan word, is die ouers goed betrokke by die sportleerders, en het hierdie betrokkenheid beslis `n invloed op die leerder se motivering en prestasies. Die verhouding wat die ouers tussen skool en leerder skep, werk dus positief in op die leerder se uitkomste.

4.8 Motiveringsfaktore

4.8.1 Motiveringsfaktore vir sportdeelname en -prestasie

Die leerders moes verskeie vrae antwoord oor wat hulle motiveer om akademies te verkeer en wat hulle motiveer om in sport te presteer en daaraan deel te neem. Hierdie motiveringsfaktore beïnvloed weer die hoeveelheid tyd wat hulle aan sport, kultuur, akademie, ens., bestee. Wat die leerder motiveer, het `n direkte korrelasie met die tyd wat hy aan sport of akademie bestee. Dit is belangrik dat die leerder sy tyd so goed as moontlik bestuur en benut ter wille die sukses van sy uitkomste.



Figuur 4.35

By beide skole is die hoofrede vir sportbeoefening bloot omdat die kind dit geniet.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat die sportleerder `n groot premie plaas op die feit dat hy na skool moontlik aan professionele sport kan deelneem.

Daar kan duidelik gesien word dat die motiveringsfaktor ten opsigte van moontlike professionele sport ná skool die tweede grootste invloed op die leerder se prestasies het.

Die verhoudings wat op die sportveld deur die leerder gevorm word, beïnvloed ook sy motivering en prestasies. Die belangrikheid van verhoudings is as faktor by beide skole redelik groot. Die leerders plaas egter veel minder klem op die faktor om hul ouers, afrigter of skool gelukkig te hou. Sy verhouding met hierdie partye het nogtans `n invloed op sy motivering en prestasies.



Figuur 3.36

By beide skole is die hoofrede vir sportdeelname die feit dat leerders na skool sport hul beroep kan maak. Hier kan duidelik gesien word die motiveringsfaktor dat sport ná skool op professionele vlak gespeel kan word, ‘n groot invloed het op die leerder se prestasies. Dit plaas dus `n groot verantwoordelikheid op skole

om aan hierdie behoefte van die kinders te voldoen. Skole wat nie sport aanbied nie, ontneem hierdie leerders moontlik `n beroepsgeleentheid. Verder is dit belangrik om daarop te let dat die sportleerder `n groot premie daarop plaas om sy ouers gelukkig te hou en vir sy skool as instelling te presteer.

Die verhoudings wat leerder vorm, beïnvloed ongetwyfeld sy motivering en prestasies. Hierdie faktor is by beide skole redelik groot. Figure 4.35 en 4.36 toon duidelik dat die ouers sterk betrokke is by die kinders se aktiwiteite– ‘n feit wat goed korreleer met die sterk motivering wat ouerbetrokkenheid verskaf aan die kinders om deel te neem en te presteer. Dit is nie uit hierdie navorsing bepaalbaar wat die oorsaaklike faktor is in die verband tussen ouerbetrokkenheid enersyds en deelname en prestasie andersyds nie. Dit was ook nie die doel van hierdie studie om die oorsaaklike verband te bepaal nie.

Dit mag wees dat ouers betrokke is *omdat* die kinders deelneem en presteer, maar dit mag ook wees dat ouerbetrokkenheid juis veroorsaak dat kinders deelneem en presteer. Die feit is dat die ouers betrokke is en dat dit vir die kinders belangrik is om hul ouers tevrede te stel. Hierdie is `n belangrike saak vir leerderbestuur sowel as onderrigbestuur waaraan skole kan aandag gee indien hulle deelname en prestasie wil verbeter.

Soos reeds gesê, het die verhouding wat die kind met sy afrigters, ouers en skool vorm, het wel ‘n invloed op sy motivering en prestasies. In hierdie geval kan lojaliteit ‘n belangrike motiveringsfaktor wees. Daar is reeds aan die kind se basiese behoeftes voldoen, naamlik liefde, en veral goeie basiese versorging. Die kind kan nou probeer om sy hoër-orde behoeftes te bevredig (sien Maslow se teorie). Die hoë verwagting wat veral ouers en afrigters in hierdie gevalle aan kinders stel, kan ook as sterk motiveerder figureer (sien Vroom se teorie).

4.8.2 Motiveringsfaktore om akademies te presteer



Fig 4.37

Hier is die leerders op hul werkstoekoms gefokus en hierdie toekomsgerigtheid is ook die grootste motiveringsfaktor. Die leerders weet dat hulle sal moet presteer om vir hulself `n goeie toekoms te verseker. Hul toekomstige finansiële behoeftes is dus ook `n groot motiveringsfaktor wat tot akademiese prestasie aanleiding gee.

Om hulle ouers gelukkig te hou, was veral by die seuns `n groot motiveringsfaktor ten opsigte van akademiese prestasie – hierdie verhouding met hul ouers bepaal dus hul motivering en prestasies. Die feit dat hulle skoolwerk geniet, is die rede wat die kleinste motiveringsfaktor is.

Die rol wat die skool of onderwysers by akademiese prestasie speel, is in verhouding met die ouers as motiveringsfaktor heelwat kleiner as by sport. Skole behoort beslis hieraan aandag te skenk. Lojaliteit en hoë verwagtings by onderwysers ten opsigte van leerders se akademiese prestasie kan ook beter prestasie by die leerders aanmoedig. Die rol wat sport as bemarkingsmetode speel om leerders vir ‘n bepaalde skool te werf, kan hier veral aandag kry. In die tipe skole waar hierdie navorsing gedoen is, was klem op sport `n belangrike bemarkingstegniek. Skole (die onderwyspersoneel) en leerders word dus in groter mate gemotiveer om sportprestasies te lewer as akademiese prestasies.



Fig 4.38

Skool 2 vertoon dieselfde tendens as skool 1, waar die grootste motiveringsfaktor vir akademiese prestasie die feit is dat leerders op hul toekoms gefokus is.

4.9 Gevolgtrekking

Dit is beslis so dat verhoudings wat die leerder met ander mense skep, sy motivering beïnvloed. Hierdie verhoudings het weer `n uitwerking op sy prestasies. Die verhouding met sy ouers en onderwysers is `n sterker motiverende faktor as die verhouding met sy maats. Die erkenning vir hul prestasies wat kinders van hul ouers en onderwysers kry, kan moontlik verklaar waarom maats nie so `n groot motiverende faktor vir deelname en veral vir prestasie is nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die leerders wat by hierdie navorsing betrokke was, die room van die skool se sport verteenwoordig – wat noodwendig heelwat erkenning en motivering (as gevolg van erkenning deur onderwysers en ouers) kan verskaf.

HOOFSTUK 5
Gevolgtrekking en aanbevelings

5.1 Inleiding

Verskeie gevolgtrekkings kan uit hierdie studie gemaak word. Let daarop dat wanneer die navorser na sportleerders verwys, hy die eerste spanne en o/16 A-spanne wat in die navorsing betrek was, bedoel.

5.2 Deelname en betrokkenheid

Soos reeds genoem, is daar die verskynsel dat daar `n beperkte aantal sportleerders aan al die sportsoorte deelneem. Wat die navorser hiermee bedoel, is dat daar leerders is wat aan meer as een sport deelneem en daarin presteer, en dat hulle gewoonlik al die plekke in byvoorbeeld die eerste rugby-, krieket- en atletiekspanne opneem. Hierdie is ook die rede waarom die steekproef in beide skole kleiner is as die totale getal sportleerders wat potensieel in die eerste en o/16 A-spanne kan speel.

Omdat hierdie resultate die voordele van sport so goed uitlig, kan die navorser aanbeveel dat skole en ouers tyd en moeite doen om meer leerders die geleentheid te gee om aan sport deel te neem. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om hulle kinders die nodige motivering, bystand en afrigting te laat kry. Verder moet die skool, onderwysers en gemeenskap sorg dat die kinders in hul skole die geleentheid kry om op `n wyer basis aan mededingende sport en kompetisies deel te neem.

5.3 Akademiese prestasie

Soos blyk uit figure 4.3 en 4.4 is die leerders wat aan sport deelneem se akademiese gemiddeld hoër as die res van die leerders s'n, ten spyte van al die ure wat hulle aan sport bestee. Verder is die dogter-sportleerders se gemiddeld weer beter as die seuns s'n en dit korreleer met die hoeveelheid tyd wat hulle aan hul akademie bestee. Ongelukkig het hierdie navorsing nie die leerders se

matriekeindeksamenpunte gebruik nie, maar daar word vermoed dat die tendens wel kan bestaan dat die seuns, nadat die sportseisoen verby is, meer tyd aan akademie gee. Hierdie tendens kan gerus nagevors word in `n verdere studie.

5.4 Leerders se tydbesteding

5.4.1 Tyd bestee aan sport

Die grafieke oor tydbesteding aan sport (sien hoofstuk 4) illustreer duidelik dat die leerders baie tyd per week aan sport bestee. Die meer gewilde sportsoorte soos rugby, atletiek en netbal ontvang meer tyd per week as die ander sportsoorte.

Faktore wat `n invloed mag hê op die hoeveelheid tyd wat aan sport bestee word, is moontlik die volgende:

Party skole gee bloot meer aandag aan een sport as aan `n ander.

`n Sekere sport se afrigter is dalk meer entoesiasties en kry sodoende die leerders sover om meer tyd aan daardie sport te bestee.

Die sportleerders bestee baie meer tyd aan hulle sport as aan hulle akademie en nog steeds is hulle gemiddeld hoër as dié van daardie leerders wat nie in die eerste spanne en o/16 A-spanne is nie (sien grafiek/tabel Fig 4.3 en Fig 4.4

`n Belangrike afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat daar dus geen waarheid steek in die stelling wat algemeen gemaak word nie, naamlik dat sport by sekere skole oordryf word tot nadeel van leerders se akademiese prestasie. Hierdie stelling mag wel betrekking hê op ander individue, maar volgens die bevindings van die onderhawige navorsing is die akademiese gemiddeld van sportleerders beter as dié van die res van die leerders wat nie in `n eerste span of `n o/16 A-span speel nie.

Daar behoort egter altyd `n balans te wees en sport behoort nooit oordoen te word nie. Die feit dat hierdie sportleerders nog steeds beter presteer as die betrokke graadgemiddeld in hul skool wys dat sport en oefening hulle inderdaad motiveer en laat presteer. Leerders, ouers en onderwysers moet dus seker maak dat daar altyd `n balans is en dat die leerders die oefening geniet.

5.4.2 Tyd bestee aan akademiese studies

Hoewel die sportleerders nie besonder baie tyd aan hulle studies bestee nie, presteer hulle steeds beter as die ander leerders. Dit kan wees dat die leerders wat aan sport deelneem gesond en fiks is en sodoende beter kan leer en konsentreer – soos wat uit hoofstuk 1 en 2 blyk.

Indien sportleerders se akademiese prestasie in verband gebring word met die hoeveelheid ure wat hulle aan studie bestee, is dit skrikwekkend om af te lei hoe min ure die res van die leerders – wat akademies swakker vaar – aan hul studies bestee. As dit waar is dat hul swakker akademiese prestasie die gevolg is van minder tyd by die boeke, moet daar drasties gekyk word na hoe hierdie ure vermeerder kan word. Uit die navorsing het geblyk dat ander lande soos die VSA reeds hul skooldag verleng het om sodoende meer ure aan studie by die skool te kan gee. Die leerders doen die meeste van hulle huiswerk by die skool.

Optrede soos bogenoemde kan egter weer `n invloed hê op die selfstandigheid en pligbesef van die leerders, omdat alles vir hulle gedoen word. Daar word aanbeveel dat verdere navorsing gedoen word ten opsigte van die hoeveelheid tyd wat leerders op skool aan akademie toewys. Verder is dit belangrik dat die leerders meer van tydsbestuur geleer word. Dit sal goed wees as skole of ouers hulle kinders vir `n tydbestuurskursus laat inskryf. Daar is deesdae verskeie van hierdie kursusse beskikbaar en kennis van tydsbestuur kan geweldig bydra tot die leerder se sukses.

5.5 Huishoudingstatus

By beide skole toon die navorsing dat die sportleerders se ouers nog met hulle eerste lewensmaats getroud is. Hierdie feit kan ongetwyfeld `n positiewe effek hê op die kind se prestasie deurdat daar `n gesonde gesinsverhouding binne die huis is en ouers en kinders ook goeie verhoudings het. Die kind word groot in `n geborge huis waar ouers die kind goed laat voel en by hom betrokke is.

5.6 Ouerbetrokkendheid

Ouers van kinders wat op sportgebied presteer, is baie betrokke en help om die leerder te motiveer, wat weer tot prestasie lei. Die kind wil graag vir sy ouers presteer en sodoende deel wees van hierdie geborge huishouding.

Daar word aanbeveel dat ouers volledig betrokke moet wees by die kind se opvoeding, aangesien hierdie betrokkendheid tot voordeel van die hele gesin is. Hoe meer betrokke die ouers by die kind is, hoe beter presteer die kind.

5.7 Motiveringsfaktore vir prestasie in sport

Die hoofrede waarom leerders sport doen, is omdat hulle dit geniet. Volgens figure 4.37 en 4.38 het hierdie faktor duidelik tussen die ander motiveringsfaktore uitgestaan. Omdat daar `n korrelasie tussen die leerders se akademiese en sportprestasies bestaan en die twee mekaar ondersteun en aanvul, behoort `n skool nie te veel klem op sport te plaas nie. Dit sal egter goed wees as die skool soveel as moontlik leerders kan kry om aan een of ander sport deel te neem. Sportdeelname kan die skool in geheel se akademiese prestasie verbeter en sodoende in die algemeen van die skool `n beter skool maak.

Volgens figure 4.37 en 4.38 wil die sportleerders graag saam met hulle maats wees en deel van die groep wees. Hierdie groepsgebondenheid lei dus ook tot motivering en prestasies.

In vandag se moderne wêreld word sport al hoe meer as `n beroep beoefen. Die moontlikheid om sport na skool as `n beroep te beoefen en hierdeur belonings soos onder meer gewildheid, finansiële voordele en beurstoekennings vir verdere studie te ontvang, veroorsaak dat sportleerders sterk gemotiveer is om aan sport deel te neem.

Sportdeelname behoort meer beklemtoon te word – hoewel nie noodwendig op eerste-spanvlak nie. Soveel as moontlik leerders moet betrek word by die skool se sportprogramme. Ouers en die gemeenskap moet dalk ook betrek word omdat onderwysers nie alleen hierdie taak kan vervul nie. Daar moet, soos in Europa en die VSA, meer van naskoolse ligas gebruik gemaak word. Dit is dan ook die plaaslike owerhede se verantwoordelikheid om te help met hierdie programme en met die skep van toereikende fasiliteite sodat meer leerders en kinders by die beoefening van sport betrek kan word. Daar sal ook navorsing gedoen moet word oor hoe so `n massadeelname bereik kan word en hoe die staat op alle vlakke hiermee kan help.

5.8 Motiveringsfaktore vir akademiese prestasie

Dit was verblydend om te sien dat fokus op hul toekoms die grootste motiveringsfaktor vir akademiese prestasie by die leerders was. Motivering om te presteer word gedryf deur die feit dat leerders dalk na skool vir hulself en hulle families kan sorg uit die inkomste wat hulle uit sport kan verdien. Veral by die seuns was daar `n hoë geneigdheid om hulle ouers gelukkig te hou. Meisies is dalk van nature meer geneig tot studie, en daarom was hulle ouers reeds tevrede met hulle studies.

5.9 Skool se bydrae tot bestuursvaardighede

Wanneer die resultate ontleed word, kan verskeie aanbevelings gemaak word met betrekking tot die skool se bestuurbydrae tot die volle ontwikkeling van die kind. Hier kan ons kyk na tydsbenuttung en tydsbestuur as bestuursfaktore.

5.9.1 Tydsbestuur en tydsbenutting

Indien daar na die tydsbenutting van die sportleerders gekyk word, is dit duidelik dat die klem beslis op sport is en nie op akademie nie. Dit sal dus goed wees as die skool die leerders aan bepaalde tydsbenutting- en tydbestuursvaardighede blootstel. Deur behoorlike beplanning van hulle tyd kan die leerders verseker dat hulle akademiese tyd vermeerder en sodoende kan hulle nog beter op akademiese gebied presteer. Die skool kan die volgende programme aanbied.

- Tydsbestuurkursusse
- Tydsbenuttingskursusse
- Doeltreffende studietegnieke

Verder kan die skool dalk `n studie- en huiswerksessie beplan nadat die normale skoolure verby is. Tydens hierdie seesie kan leerders wat aan sport deelneem, huiswerk doen en ook gehelp kan word met hulle studies. Sodoende kan die sportleerders meer tyd aan hul akademie bestee. Hoewel hierdie aanbeveling baie moeilik uitvoerbaar is, kan dit wel gedoen word.

Sportleerders wat nie akademies goed presteer nie, kan gemonitor word en op `n maandelikse basis ingeroep word om spesifieke probleemareas te identifiseer wat reggestel kan word.

5.9.2 Beroepskeusebestuur

Aangesien die meeste leerders aangedui het dat hulle aan sport deelneem omdat daar `n moontlikheid is dat hulle dit as `n beroep na skool wil volg, is dit belangrik dat die skool die leerders inlig oor al die moontlike terreine waarop hulle kan spesialiseer. Die skole kan met die Universiteite en ander sportliggame skakel en sodoende loopbaanuitstallings en beroepsbeplanning-sessies met die sportleerders hou. Verder is daar ander sportverwante beroepe wat beoefen kan word, soos dié van

- biokinetikus,
- persoonlike afrigter,
- professionele skeidregter,

- fisioterapeut, of
- sportstadionbestuurder.

Dit is van die uiterse belang dat leerders deur bestaande sportlui ingelig word oor die voor- en nadele van professionele sport. Hierdie tipe beroepsbestuur deur die skool sal beslis `n voordeel inhou vir die leerders as hulle besluite oor hulle toekoms moet neem.

5.9.3 Bestuur van ouerbetrokkenheid

Uit die studie kan afgelei word dat die ouers baie betrokke is by hulle kinders. Die skool kan gerus hieruit voordeel trek en op verskeie maniere probeer om baie ander ouers ook betrokke te kry deur die volgende aksies.

- Die stig van ondersteunersklubs
- Dir reël van gesinsportuitstappies
- Die nader van bekwame ouers vir hulp
- Fondsinsamelings

Deur bogenoemde aksies word die verhouding tussen skool, ouer en kind versterk en sodoende kan die leerders se motivering (en gevolglik hul prestasie) op alle terreine verbeter.

5.10 Samevatting

Daar is hoegenaamd geen twyfel nie dat daar inderdaad `n korrelasie bestaan tussen leerders se sportprestasies en hul akademiese prestasies. Skole moet gemotiveer word om sportprogramme in te stel en `n doelbewuste poging moet aangewend word om soveel as moontlik leerders aan sport te laat deelneem. Met hierdie navorsing is daar slegs aan die punt van die ysberg geraak en heelwat verdere navorsing is nog nodig oor die invloed van sport op die leerder se skolastiese prestasies.

Dit is van nasionale belang dat sport en die invloed van sport op die kind se akademie en leefwyse nagevors moet word. Navorsing deur die regering in

verband hiermee is van die uiterse belang en kan tot voordeel wees van almal in Suid Afrika.

Tydens `n toespraak by die Nationale Skole-atletiekkampioenskappe in die Paarl op 19 Maart 2005 het die Minister van Onderwys, Naledi Pandor, die volgende opmerkings gemaak wat baie verblydend is omdat die huidige navorsing ook hierdie belangrike saak beklemtoon:

- `n Samewerkingsooreenkoms is met die Departement van Sport onderteken om die bestuur van sport in skole te koördineer.
- Sport moet voortaan weer `n integrale deel van die leerplan op skool word en daar is tans studie aan die gang om dit te bewerkstellig.
- Gestruktureerde sport sal moet plaasvind in elke skool en in elke distrik en provinsie.
- Verder beklemtoon sy die voordele van sport vir alle leerders en hoe haar departement sportdeelname op skool gaan implementeer.

Hier volg uittreksels uit Minister Pandor se toespraak.
“In terms of the framework, school sport will become an integral component of the education programme. Each school will be required to allocate time for participation in school sport during or after formal school hours.”
“Both the Minister of Sport and I are keen to see action in terms of the framework. We have directed our departments to ensure that coordination and management structures are in place by March 31 this year, so that learners can benefit from school sport as soon as possible.”
“The benefits of sport are for all to see. Team work builds confidence and comradeship on the sport field and in the classroom. Competition improves the mind and body and brings out the best in people – well, most of the time. Learning rules is a virtue in itself, because you will discover that we need rules to live by and that we cannot live as isolated units without rules. It is difficult to play sport without keeping to the rules. And exertion is a good in itself – a healthy mind in a healthy body.”

“We need to take advantage of the many benefits that physical education and sport can give to children.”

Dit is verblydend om te sien dat die Staat die belangrikheid van sport en gesondheid raaksien en onderneem om strukture en maatreëls in plek te stel om die leerder beter te begelei op sy weg na volwassenheid.

BIBLIOGRAFIE

Avenant, P.J. 1985. *Riglyne vir suksesvolle onderwys*. Durban: Butterworths

Bailey, R. & Macfaden, T. 2000. *Teaching physical education* 5-11. London: Bookcraft (Bath) Ltd.

Bell, J. 1993. *Doing your research project.* Buckingham: Open University Press.

Berk, L.E. 1997. *Child development*. Massachusetts: A Viacom Company.

Botha, H. & De Villiers, C. 1979. *Atletiekpret vir die jongspan*. Ficksburg: Ficksburgpers.

Botha, J.L. & Smit, P.J. 1982. *Liggaamsbeweging en die mens in wording*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Brause, R.S. 2000. *Writing your doctoral dissertation. Invisible rules for success.* New York: Falmer Press.

Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development: Experiments by nature and design*. Cambridge: Harvard University Press.

Craft, M. 1970. *Family, class and education*. Exeter: Longman Press.

Curren, R. 2003. *A companion to the philosophy of education*. Padstow: Blackwell Publishing Ltd.

Dauer, V.P. & Pangrazi, R.P. 1979. *Dynamic physical education for elementary school children*. Minneapolis: Burgess Publishing Company.

Droar, D. 2003. Learn, Grow, Act.
Accessed at: www.arrod.co.uk on 21 April 2005

De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots. For the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. *Die kind: 'n Opvoedkundige perspektief*. Pietermaritzburg: Butterworths.

Education Africa Forum, Fifth Edition, 2001.

Engelbrecht, P. & Green, L. 2001. *Promoting learner development*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Eysenck, M.W. 2001. *Psychology - A Student's handbook*. New York: Psychology Press Ltd.

Garbers, J.G. 1996. *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Gash, S. 2000. *Effective literature searching for research*. Second Edition. Brookfield Vermont: University Press, Cambridge.

Gehring, J. 2002. *Sports and academics can go hand in hand*. Education Week.

Geldenhuys, B.P. 1975 *Motivering:'n Historiese-fundamentele inleiding:* Pretoria: Academia.

Griessel, J. 1986. *Grondbeginsels van opvoedende onderwys*. Pretoria: Nasionale Boekdrukkery.

Hammachek, D.E. 1987. *Encounters with the self*. London: Holt, Rinehart & Winston.

Haywood High School & Challoner Catholic School. 2004. *Prospectus.* Birmingham.

Kruger, E.G. 1986. *Opvoeding - Verlede, hede en toekoms*. Pretoria: Euro Publikasies.

Lawrence-Lightfoot, S. 2004. Building bridges from school to home. *Instructor.* Vol. 114, Issue 1, p.24.

Louw, D.A. 1986. *Inleiding tot die psigologie*. Isando: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 1993. *Sielkunde - 'n Inleiding vir studente in Suider Afrika*. Isando: Lexicon Uitgewers.

Logsdon, B.J. 1999. *Physical education for children.* New Jersey: Practice Hall.

McNiff, J., Lomax, P. & Whitehead, J. 1996. *You and your action research project*. Bristol: MPG Books Ltd.

Maslow, A., Frager, R. 1970. *Motivation and personality* (2nd ed). New York: Harper & Row.

Morsy, Z. & Tedesco, J.C. 1993. *Thinkers on education*. UNESCO Publishing. India: Oxford & IBH Publishing.

Mixon, F.G. & Trevilio, L.J. 2005. "From kickoff to commencement: the positive role of intercollegiate athletics in higher education." *Economics and Education Review* 24, Science Direct.

O'Sullivan, E. & Rassel, G.R., Berner. M. 2003. *Research methods for public administrators.* Raymond: Addison Wesley Longman, Inc.

Pandor, N. 2005. Address by the Minister of Education on 19 March 2005. National Schools Athletics Championships. Dal Josafat, Paarl.
Accessed at: http://education.pwv.gov.za on 26 April 2005

Pateman, B. 2003. “Healthier students, better learners.” *Educational Leadership.* Vol 61.

Pintrich, P.R. & Schunck, D.H. 2002. *Motivation in Education Theory, Research, and Applications*. New Jersey: Practice Hall.

Pitout, D.N. & Smith, A.G. 1993. *Teacher’s handbook for education*. Pretoria: Van Schaik Academic.

Pretorius, J.W.M.& Le Roux, J. 1998. *Sosiopedagogiek*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Polonsky, M.J. & Waller, D.S. 2005. *Designing and managing a research project. A Business Student’s Guide*. Thousand Oaks, California: Sage Publications Ltd.

Puckett, M.B. & Black, J.K. 1996. *The young child: Development from prebirth through age eight*. New Jersey: Prentice-Hall Inc.

Redelinghuis, A. & Julyan, F.W. 2000. *Quantitative methods for managerial decision making*. Pietermaritzburg: Butterworth Publishers (Pty) Ltd.

Ryska,T.A. 2004. Effects of sport motivation on academic strategies and attitudes among high school student-athletes. *North American Journal of Psychology*. Vol. 6, Issue 1.

Shinn, R. 1972. *Culture and School (Sosio-Cultural Significances)*. San Francisco: Intext Educational Publishers.

Shui-fong, L. 2004. The effects of competition on achievement motivation in Chinese classrooms. *British Journal of Educational Psychology*: Volume 74. The British Psychological Society, East Sussex.

Stone, H.J.S. 1981. *Die aard en struktuur van die skool*. Parow: Nasionale Handelsdrukkery.

Stull, G.A. & Eckert, H.M. 1986. Effects of physical activity on children. *American Academy of Physical Education Paper No.19*. Champaign, IL: Human Kinetics Publishers Inc.

Van Dalen, D.B & Mitchell, E.D. 1971. *A world history of physical education: Cultural, philosophical, comparitive.* Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Videon, T.M. 2002. *Who plays and who benefits: Gender, interscholastic athletics, and academic outcomes*. Berkeley: University of California Press.

Vithal, R. & Jansen, J. 2001. *Designing your first research proposal*. Landsdowne: Juta & Co. Ltd.

Whiston, S.C. & Keller, B.K. 2004. "Expanding research concerning family influences on career development." *The Counseling Psychologist.* Vol. 32 No. 4. Society of Counseling Psychology.

Wigger, U. 2001. *European Journal of Sport Science*, Vol. 1 Issue 3. Human Kinetics Publishers.

Young, B. 2000. Methods of motivation: Yesterday and Today
Accessed at: Bcyoung@carrolsweb.com on 12 Februarie 2005

Zaugg, H. 1998. Academic comparison of athletes and non athletes in a rural high school. Bulletin Alberta

Bylaag 1

DATA INSAMELING

Volle Naam en Van asook graad (Bv Petrus Johannes Swart Gr 11F, 11.2)

A 1 Proefpersoon nommer V1 | | | | 1-3

A 2 Ouderdom (in voltooide jare Bv 16 Jaar)

	V2		4-5

A 3 Geslag (omsirkel die geskikte antwoord)

Manlik	**1**	V3		6
Vroulik	**2**			

A 4 Sport deelname (Aan watter sport/te neem jy deel)

Rugby (Slegs 1st Span of A-Span)	**1**	V4		7
Krieket (Slegs 1st Span of A-Span)	**2**	V5		8
Atletiek (Interhoërspan)	**3**	V6		9
Landloop	**4**	V7		10
Tennis (Slegs 1st Span of A-Span)	**5**	V8		11
Netbal (Slegs 1st Span of A-Span)	**6**	V9		12
Hokkie (Slegs 1st Span of A-Span)	**7**			

A 5 Sport deelname per week (Hoeveel tyd spandeer jy per week aan jou sport dws oefening,kompitisies, vervoer, ens)

Tot en met 2 uur per week	**1**	V10		13
Tussen 2 en 5 ure per week	**2**			
Tussen 5 en 8 uur per week	**3**			
Meer as 8 uur per week	**4**			

A 6 Akademiese tyd (Hoeveel tyd spandeer jy per week aan jou akademie nie gewone skool ure nie maar na skool aan toetse,huiswerk,take ens)

Tot en met 2 uur per week	**1**	V11		14
Tussen 2 en 5 ure per week	**2**			
Tussen 5 en 8 uur per week	**3**			
Meer as 8 uur per week	**4**			

A 7 Huishouding status

Biologiese ouers getroud	**1**	V12		15
Ouers geskei stiefpa of stiefma	**2**			
Enkel ouer	**3**			
Ander (Bly by oupa,ouma oom ens)	**4**			

A 8 Ouerbetrokkenheid (Is jou ouers betrokke by jou sport in terme van motivering, bywoning van oefening en wedstryde ens)

Beide baie betrokke	**1**	V13		16
Slegs een ouer baie betrokke	**2**			
Gemiddelde belangstelling	**3**			
Geen of min belangstelling	**4**			

A 9 Het jy enige ander skoolaktiwiteite waaraan jy deelneem :

1. Debat/Redenaars	**1**	V14		17
2. Voortrekkers/Landsdiens	**2**	V15		18
3. Koor/Sanggroep	**3**	V16		19
4. Leierskap (Klasleier, Sportkaptein,verteenwoordiger)	**4**	V17		20
5. Revue	**5**	V18		21
6. Drama/Toneelgroep	**6**	V19		22
7. Ander noem asb:	**7**	V20		23
8. Geen	**8**	V21		24

A 10 Motivering (Wat motiveer jou om sport te doen? Ken die getal 1 tot 5 toe waar 1 die belangrikste is en 5 die mees onbelangrikste)

1. Om my ouers gelukkig te hou		V22		25
2. Om saam met my maats te wees		V23		26
3. Vir die skool of afrigter of onderwyser		V24		27
4. Wil sport my beroep maak		V25		28
5. Omdat ek dit geniet		V26		29

A 11 Motivering (Wat motiveer jou om akademies te verkeer? Ken die getal 1 tot 5 toe waar 1 die belangrikste is en 5 die mees onbelangrikste is)

1. Ek is op my toekoms gefokus (Werk,studies na skool)		V27		30
2. In kompitisie met my maats		V28		31
3. Vir die skool of onderwyser		V29		32
4. Ek wil my ouers gelukkig hou		V30		33
5. Omdat ek dit geniet		V31		34

A 12 Motivering (Dui aan hoe sterk motiveeer die volgende faktore jou om sport te beoefen 1 –baie sterk motvering; 5 – geen motivering

Om my ouers gelukkig te hou	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V32		35
Om saam met my maats te wees	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V33		36
Vir die skool of afrigter of onderwyser	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V34		37
Wil sport my beroep maak	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V35		38
Omdat ek dit geniet	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V36		39

A 13 Motivering (Dui aan hoe sterk die volgende faktore jou motiveer ten opsigte van die akademie 1 –baie sterk motvering; 5 – geen motivering

Ek is op my toekoms gefokus	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V37		40
Ek is kompitisie met my maats	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V38		41
Vir die skool of onderwyser	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V39		42
Ek wil my ouers gelukkig hou	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V40		43
Omdat ek dit geniet	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	V41		44

A 14 Akademiese gemiddeld (Sal deur skool ingevul word)

	V42		45